# THE EXTERNAL DIMENSION IN THE TRANSFORMATION OF AFRIKANER NATIONALISM

**THESIS**

**SUBMITTED IN PARTIAL FULFILMENT OF THE REQUIREMENTS**

**FOR THE DEGREE OF**

**MASTER OF ARTS (INTERNATIONAL STUDIES)**

**OF RHODES UNIVERSITY**

**ANDRé PEDRO BOTHA**

**FEBRUARY 1995**

## ACKNOWLEDGEMENTS

**I would like to express my grateful appreciation to Professor John Daniel, Professor Roger Southall, Professor Koos van Wyk and Mr Gavin Bradshaw for their time, patience, continuous encouragement, and valuable contributions to the completion of this thesis.**

## ABSTRACT

This work looks at Afrikaner Nationalism, and more closely the changes it has undergone in years since external pressure has been applied against it from as early as 1946. This has been accomplished by placing it against the background of the international context eg. as in relation to India and the British Commonwealth.

Following a discussion of the ideology of nationalism in general, the thesis examines the specific case of Afrikaner Nationalism, which it portrays as an example of ethno-nationalism. This latter is distinguished by familial ties and other stereotypes.

After outlining the changing characteristics of Afrikaner Nationalism over time by reference to pronounciations by its leaders and other prominent spokesmen, this process of change is analysed with particular regard to the role played by international and other external pressures upon Afrikaner Nationalism.

By carefully describing the changing attitudes of elite groups within Afrikaner Nationalism, the thesis assesses the impact of external factors. Then it is reasonably stated in this work that Afrikaner elites have become less exclusive under external pressure.

The writer of this study is of the opinion that, give the fact that the doors of the National Party were thrown open, Afrikaner Nationalism and its aforementioned ideological organ are no longer identical.

# ABSTRAK

Dié studie bekyk Afrikaner Nasionalisme van naderby, en meer spesifiek die veranderinge wat dit ondergaan het vandat eksterne druk van so vroeg as 1946 toegepas is. Dit word bereik deur dit te plaas teen die agtergrond van die internasionale konteks bv. soos in verhouding tot Indië en die Britse Gemenebes.

Na die algemene bespreking van die ideologie van nasionalisme, ondersoek die tesis die spesifieke geval van Afrikaner Nasionalisme, wat as 'n voorbeeld van eto- nasionalisme voorgehou word. Die laasgenoemde word veral onderskei deur familiale bande en ander stereotipes.

In opvolg van die uitleg van die veranderende karateristieke van Afrikaner Nasionalisme oor die tyd heen met verwysing na leiers - uitsprake asook ander belangrike persone, word die proses van verandering ontleed met spesiale verwysing na die rol van internasionale en ander eksterne druk op Afrikaner Nasionalisme.

Deur 'n nougesette beskrywing van die veranderende houdings van elite groepe binne Afrikaner Nasionalisme te verskaf, evalueer die tesis die impak van eksterne faktore. Aldus die opmerking gemaak die werk dat die Afrikaner elites minder eksklusief geword het onder eksterne druk.

Die skrywer van dié studie is die mening toegedaan dat, gegee die feit dat die deure van die Nasionale Party oopgegooi is, Afrikaner Nasionalism en sy voorafvermelde ideologiese

orgaan nie meer langer identies is nie.

## INHOUDSOPGAWE 1

1. Inleidende Hoofstuk......................................1

2. Die noodsaaklike definiëring van ideologie, die aard van nasionalisme en 'n teorie van verandering..................................................4

3. Die aard van Afrikaner Nasionalisme.............30

4. Verandering in Afrikaner Nasionalisme...........51

5. Evaluering....................................................95

6. Bibliografie..................................................99

# INLEIDENDE HOOFSTUK

Die studie beskou nasionalisme van naderby. Dit lê veral klem op die eeue-oue bestaan van etniese nasionalisme, wat algemeen en wydverspreid voorkom. Die vloeibaarheid van etnisiteit is bowenal van besondere belang. Dit is juis dié vloeibaarheid wat lei tot grootskaalse verandering. Juis omdat hierdie terrein van ondersoek so onderontwikkeld is word daar samevattend gepoog om verslag te lewer oor die faktore wat die verandering bepaal. In dié opsig is die eksterne faktore van uiterste belang.

Daar word deesdae baie lig gewerp op die interne faktore rakende die verandering van etniese nasionalisme. Daarom word in die studie merendeels gekyk na die eksterne faktore. Afrikaner Nasionalisme sal geneem word as voorbeeld van die verandering van etniese nasionalisme.

Voor daar ingegaan word op etniese nasionalisme en die verandering daarvan, is dit egter belangrik om nasionalisme eers as ideologie in perspektief te stel. As 'n ideologie is dit belangrik om nasionalisme, waarvan Afrikaner Nasionalisme 'n tipe is, van nader te bekyk om die dinamika daarvan beter te begryp. Elke samelewing (of enige groep aktiwiteite rakende menslike sake en praktyke) word georganiseer deur middel van 'n sekere vorm of ideologie, en meer spesifiek die nasionalistiese ideologie.

Vir konseptuele verklaring is dit nodig om 'n paar definisies aan te haal en onder die vergrootglas te plaas. Fowler (1985:363) definieer ideologie as "ideas at basis of an economic or political theory or system, or a characteristic of some class". Ander verwys

daarna as "the science of ideas" (Manning, 1980:2). Thompson (1961:416) beskryf dit as "a system or set of ideas accepted as the basis of action or belief on grounds other than evidence of truth".

Daar word gepoog om ideologie onder die vergrootglas te plaas om sodoende by 'n bevredigende definisie daarvan vir die studie te kom. Voorlopig kan tereg gestel word dat ideologie 'n aksie-gerigte stel van idees is. Dit is dan ook een van die drie afdelings waaroor hoofstuk 1 handel. Eerstens word ideologie as term beskryf. Tweedens word die aard van nasionalisme nagegaan. Laastens word 'n analitiese raamwerk gevolg met die klem op 'n eklektiese benadering. Die fokuspunt, binne so 'n analitiese raamwerk, val op die komplekse fenomeen nasionalisme en sy transformasie.

In hoofstuk 2 word 'n bespreking verskaf in verband met die aard van Afrikaner Nasionalisme en die verandering wat dit ondergaan het. Sedert 1948 het Afrikaner Nasionalisme 'n fundamentele transformasie in sy ideologiese waardes en wêreldbeskouingondergaan.

Teen 1990 het Afrikaner Nasionalisme verander na 'n breër inklusiewe vorm, bereidwillig om alle wit Suid-Afrikaners, en in 'n meer radikale variant, ook alle nie-blanke Afrikaners te omsluit. Die transformasie was die resultaat van die verwerwing van apartheid oor die tyd heen. As bewys van die verandering word gekyk na die veranderde houdings van die Afrikaner politieke elite as 'n mikrokosmos van die regering.

Voortspruitend uit die eklektiese benadering in Hoofstuk 1 word in Hoofstuk 3 gekyk na

die impak van sanksies as 'n eksterne faktor, sonder om reduksionisties te wees of om die invloed van interne faktore te misken. Hoofstuk 4 wil 'n waardering asook 'n gevolgtrekking rakende die implikasies van 'n veranderde Afrikaner Nasionalisme in 'n post-apartheid Suid-Afrika wees. Voordat in detail ingegaan kan word op Afrikaner Nasionalisme en die transformasie wat dit ondergaan het, is dit noodsaaklik soos alreeds vermeld om nasionalisme as ideologie in perspektief te plaas; daarna sal die fokuspunt verder verskuif word na die aard van nasionalisme en 'n teorie van verandering.

# HOOFSTUK 1

## DIE NOODSAAKLIKE DEFINIëRING VAN IDEOLOGIE, DIE AARD VAN NASIONALISME EN 'N TEORIE VAN VERANDERING.

### INLEIDING

Volgens Liebenberg (1990:13) is dit noodsaaklik dat die gesprek oor ideologie 'n semantiese oerwoud is. Hy is verder die mening toegedaan dat dit een van die dubbbelsinnigste en onsekerste konsepte in die sosiale wetenskappe is. Andere gaan selfs sover deur 'n stelling soos die volgende te maak : "the problem of time is to classify things and men..." (Harris, 1971:9).

In weerwil van voorafgaande stelling is die behoefte vir die formulering van 'n definisie vir ideologie belangrik en noodsaaklik, aangesien die mens volgens Shils (1968:3) " 'n kognitiewe en morele kaart vir die wêreld" as van uiterste belang beskou. Vervolgens kan in die lig van bogenoemde noodsaaklikheid gestaaf word dat "every ideology is composed of three ingredients, the first, an invariant myth, the second, a compound of philosophical doctrines which alternate cyclically in the history of ideology, the third, a historically determined decision as to a chosen class of time (Feuer, 1975:1).

Dieselfde noodsaaklikheid word verder onderskraag deur Liebenberg wanneer hy daarna verwys as " 'n 'beter verstaan' van die Suid-Afrikaanse politiek" (Liebenberg, 1990:13).

Die begrip ideologie is net so glibberig soos die term nasionalisme. Ideologieë is tendensieus geneig om te ontstaan in tye van "flux and change" (Tredgold, 1963:3). Tredgold borduur voort hierop deur te sê dat dinge wat ons as aksiomaties aanvaar, maklik onaanvaarbaar is en omgekeer word. Dis in sulke tye van onsekerheid dat ideologiese oplossings in sterk aanvraag is.

Ou ideologieë soos byvoorbeeld nasionalisme vind hul manifestasies in Derde Wêreld moondhede regdeur die sestigerjare van dié eeu (Bognador, 1987:279) te midde van heersende ideologieë soos kapitalisme en kommunisme. Dié artikel beweeg egter vanuit die oogpunt dat nasionalisme verandering ondergaan het. Nasionalisme is soos ideologie, 'n ontwykende term met betrekking tot die definiëring daarvan.

Dié opstel poog om maniere te ondersoek hoe nasionalisme verandering ondergaan het. Die betrokke hoofstuk gaan vanuit die veronderstelling dat nasionalisme gefaal het, as 'n enkel omvattende faktor, om rekenskap te gee van vandag se komplekse en onsekere realiteit (ekonomies, sosiaal en polities).

Daar word vandag dus aandag geskenk aan die vraag naamlik, watter kragte of faktore werk in op nasionalisme? Die dinamiese element met betrekking tot die aard van nasionalisme word van naderby bekyk deur middel van 'n eklektiese metode. Daardeur word dus erkenning verleen aan beide interne sowel as eksterne faktore; maar vir die doel van die werk word spesiale aandag gewy aan die eksterne faktore.

Nasionalisme, en meer spesifiek etniese nasionalisme, beskik oor "situational and

interactive qualities" volgens Cohen, Galaty en Kenny, soos aangedui deur Andretta (1988:17). Dié paragraaf beklemtoon ook die vervlietende aard van nasionalisme. Smith (1982:129) sluit aan by Andretta as hy sê dat die ordening of klassifikasie van inligting nie in 'n vakuum plaasvind nie. Dié voorafgenoemde stelling van Smith word veral in hoofstuk twee onder die vergrootglas geplaas. Smith verleen dus erkenning aan die veranderbaarheid van nasionalisme as ideologie. In dieselfe asem gesê, vind geen verandering (of nie-verandering) plaas in 'n vakuum nie.

Met die heenwysing na 'n eklektiese benadering word 'n stel van omstandighede implisiet daar gestel eerder as 'n vakuum. Die verandering rakende nasionalisme word dus binne die konteks van internasionale verhoudings geplaas, waaroor meer uitgebrei sal word later in dié hoofstuk. Volgens Holsti (1988:23) het die eksterne omgewing naamlik die struktuur van mag 'n groot effek op nasionalisme.

Voor ingegaan kan word op die dinamika van verandering rakende nasionalisme is dit nodig om eers lig te werp op die aard van nasionalisme. Daar word egter heel eerste aandag gewy aan nasionalisme deur dit teen die agtergrond van die formulering van ideologie te plaas.

**IDEOLOGIE**

By verdere ontleding van die begrip ideologie word nadruk geplaas op die volgende beskrywing daarvan eerder as om reduksionisties te wees. In die werk van Ball en Dagger (1991:5) word sover teruggegaan as die laat 16de en vroeë 17de eeu (onder invloed van

Bacon, Galilei & Descrates) rakende die "rational inquiry into the natural and social world" (Ball & Dagger, 1991:5), betreffende die oorsprong van ideologie.

In die ontwikkeling van die bespreking oor die term ideologie word daar eers later weer daaroor uitgebrei deur Destutt de Tracy in die vroeë 18de eeu (Ball en Dagger, 1991:5). De Tracy,'n vurige aanhanger van Condillac en J.Locke, was die heel eerste persoon wat die term ideologie gebruik het. Volgens Bogdanor (1987:278) word die presiese ontstaan en die formulering van die term ideologie, na die era van die Franse Rewolusie, teruggevoer.

Dunner (1965 :251) is egter die mening toegedaan dat, in sowel die vroeë en laat 19de eeu, die term gepopulariseer was deur Marx, Engels en Lenin. Daarenteen bevorder De Tacy 'n elitistiese benadering. Tracy met sy oorbeklemtoning van die intellektualiste (filosowe) word dus deur Marx gekritiseer. Bogdanor (1987:279) brei verder uit, aangaande die ideologiese debat gedurende die vroeë 20ste eeu; deur te verwys na die werke van Mannheim wat sinspeel op die stelling naamlik "as being engaged in a war of ideologies".

Opsommenderwys kan dan opgemerk word rakende die oorsprong (of historiese tydslyn) van ideologie dat dit teen die einde van die 18de eeu 'n redelike presiese betekenis gehad het (O'Sullivan 1989:vii). Daarenteen egter : "Since de Tracy's time, the history of the concept has been one of multiple revisions on the one hand and ever-increasing ambiguity on the other" (O'Sullivan, 1989:vii). 'n Mens moet dus skepties staan by die aanhoor van enige "Isme".

'n Probleem samelopend met die ideologie diskoers wat kan afgelei word vanuit die historiese tydslyn is dié van relativisme (Bogdanor 1987:278). Relativisme dui daarop dat enigiets (en veral kennis) beter begryp kan word slegs in verhouding tot ander dinge. Die skrywer van die artikel verskil egter van Mannheim soos aangehaal deur Bogdanor betreffende sy "independent group of 'free-standing intellectuals'" (Bogdanor, 1978:279). Geen groep bestaan in 'n vakuum nie, en dus kan die relativistiese probleem rakende ideologie nie ten volle opgelos word nie.

Om te reflekteer oor wat andere egter alreeds gesê het, rakende ideologie is noodsaaklik; want dis slegs deur middel van 'n studie van die verlede dat die hede ten volle begryp kan word. En met dié wete word gepoog om verder lig te werp op die begrip ideologie. Na gekyk is na die waar-vraag dit wil sê "waarvandaan kom ideologie? kan die aandag gedraai word nou na die wat-vraag. Verskillende tipes ideologie kan onderskei word: Konserwatisme, fascisme, liberalisme, sosialisme (Roberts & Edwards (1991:62); Nazisme, Demokrasie, Kommunisme, Maoisme, Nasionalisme (Bogdanor, 1987:278); Kapitalisme en afsonderlike ontwikkeling (Kotze en Van Wyk, 1980:78). Met die groot verskeidenheid van ideologie steek die relativistiese probleem weer kop uit aangesien dit does not explicitly comprise beliefs about the general nature of man and the world" (Corbet, 1965:12).

Die idee of resultaat wat voortspruit uit die talle pogings om 'n ideologie te formuleer en daar te stel, is die sogenaamde neutraliteit of universaliteit daarvan. Soos talle ander voor en selfs na hom sê Collin van ideologie die volgende : dis 'n "set of basic ideas about life and society" (Collin, 1988:101). Dit bewys egter nie die neutraliteit daarvan of los nie die

relativistiese probleem op nie vanweë die talle uiteenlopende standpunte soos alreeds aangehaal.

Ondanks al die wasighede rondom ideologie, moet daar egter tot 'n slotsom gekom word rakende die term ideologie. Vandag word ideologie meer en meer geassosieer met politiek en staan dit dus nie so neutraal nie. Voorheen was dit gestel deur de Tracy en sy kollegas as 'n stel idees wat 'n rasionele ondersoek loods, in die natuurlike en sosiale wêreld (Ball & Dagger, 1991:5).

Volgens die uiteenlopende aard van ideologie koppel Marx dit egter aan die heersende klasse wie hy beskou as die uitbuiters om hul eie posisie te verskans (Ball & Dagger, 1991:6). In dieselfde trant maak Tredgold die opmerking wat Bacon 300 jaar plus gelede gestel het, aangaande ideologie as 'n mite, dat daar is "four classes of Idols: Idols of the Tribe, Idols of the Cave, Idols of the Market Place, Idols of the Theatre" (Tredgold, 1963:2). Die skrywer van die stuk stem dan ook met hom saam dat dit nie verkeerd is om 'n ideologie te hê nie, maar wel rakende die morele implikasies, dat dit nie as onkrities mag voorgehou word nie.

In samevatting word volstaan met Mullins se definisie van ideologie. Die definisie beklemtoon die verklarende, aksiegerigte of programmatiese komponente, sowel as 'n implisiete heenwysing na die institusionalisering daarvan, wat die rol van ideolodie in die politiek weereens beklemtoon (soos aangehaal in Liebenberg, 1990:16).

Vervolgens definieer Mullins dit as : "a logically coherent system of symbols which, within

a more or less sophisticated concept of history, links the cognitive and evaluative perception of one's social condition - especially its prospects for the future - to a program of collective action for the maintenance, alteration or transformation of society" (Liebenberg, 1990:17).

Die verskyning van nasionalisme as 'n hedendaagse ideologie (sowel as tydens sy oeroue manifestasies byvoorbeeld etnisiteit waarvan veel meer later in besonderhede na verwys sal word) is ook 'n omstrede begrip net soos die term ideologie self. Net soos in die omstrede geval van ideologie is 'n bespreking van die aard van nasionalisme ook nodig. Eerstens word 'n beskrywing gegee van die aard van nasionalisme volgens verskeie kritiese perspektiewe (soos byvoorbeeld Marxiste, Neo-Marxiste en Realiste). Weens die glibberige aard en Janus-tipe natuur word daarna gekyk deur lig te werp op die verskeie karakteristieke en tipes eerder as om 'n eenvoudige definisie te verskaf. "Yet there is need for a sharp demarcation in the study of the meaning of nationalism" (Snyder, 1976:20). Daarna geskied die uitoefening van 'n keuse met betrekking tot etno-nasionalisme waarvan die fokuspunt sterk op sal val in hoofstuk 2.

## NASIONALISME

Vir eers, word nou gekyk na die aard van nasionalisme. Enige samelewing of groep van mense word georganiseer by wyse van 'n sekere vorm of ideologie. Soos aangehaal voorheen, in die lig van die omstrede aard van nasionalisme, kan meer lig gewerp word op die "ismes" deur middel van beklemtoning van karakteristieke eerder as 'n enkelvoudige oplossing te verskaf. Die volgende word algemeen aanvaar as

karakteriserend van (etniese/volks) nasionalisme : orgaan, ras, organisme, taal, politieke lojaliteit, tuisland, patriotisme, outonomiteit of soewereiniteit; terwyl ander eienskappe soos die tipes, fases en die konteks ook na gekyk sal word.

Die eerste een wat nou aandag verg, soos geimpliseer in die eerste paragraaf, is die feit dat enige ideologie (waarvolgens 'n samelewing georganiseer word) uitdrukking vind deur middel van 'n orgaan (of struktuur). In die besondere geval word nasionalisme uitgeduk deur die nasie- staat as instelling.

Betreffende die nasie-staat, as 'n voertuig van nasionalisme, kan die volgende kortliks gestel word. Met verwysing na die oorsprong van die moderne nasie staat, het oorlog 'n fundamentele bydrae gelewer in die vorming en verdere bou van die moderne nasionale staat (Laski, 1973:220).

In reaksie op die strydende oorlogsugtige volkere, is die verdrag van Wesfalië gevorm, meer as 300 jaar gelede, in 'n poging om 'n einde te maak aan alle oorloë en sodoende erkenning te verleen aan nasies met betrekking tot die soewereiniteit van die staat (Holsti, 1988:800). Die moderne nasie-staat, volgense Laski, (1973:220) is 'n soewereine staat. Dit is dus onafhanklik van ander state.

Interne soewereiniteit sinspeel daarop dat die staat bindende besluite neem binne sy gebied. Die staat is verhewe oor die gebied wat dit beheer. Dit vaardig opdragte uit aan alle persone. Dit ontvang geen opdragte van niemand. Sy wil is onderworpe aan geen

legale beperking van enige soort nie. Volgens Laski (1973:220) : "the rule of law is imposed".

Die nasiestaat "is said to be guided and forged by Divine Will or the invisible hand" (O'Meara, 1983:4), soos telkemale geregverdig word deur sommige nasionaliste. Manning borduur voort op dieselfde trant soos O'Meara, "by stating that the territorial and omnipotent State", soos alreeds aangehaal in die bogenoemde paragraaf, "is the offspring of religious struggles of the sixteenth century" (Manning, 1980:22), soos alreeds beklemtoon deur Laski (naamlik dat oorlog die hoof faktor is in die vorming van die Staat).

Die orgaan as nasionalistiese konsep word nou eers op die langebaan geskuif. Die ander besonderhede rakende nasionalisme word nou eers aandag aan geskenk. Daar bestaan geen meetbare faktor waarvolgens nasionalisme nagespeur kan word nie. Dit is dus moeilik om nasionalisme as konsep vas te pen in 'n definisie. Die ras konsep kom egter sterk na vore soos blyk vanuit die Amerikaanse nasionalisme. Laski (1973:219) voeg by dat geeneen van die ouer Europese nasies ernstige eise kan stel rakende rasse suiwerheid nie.

Die impak van biologie het nie net uitgekring na godsdiens nie, maar wel ook politiek en sosiale teorie. Die ideologie van "Hitler's National Socialism rested on a theory of race which appealed to spurious and mis-interpreted biological data" (Thompson, 1961:199). 'n Ander effek van biologiese konsepte op politieke denke word gevind in die toepassing

van die term organisme rakende die staat, soos reeds melding van gemaak is van die staat as orgaan van nasionalisme.

Dit is prysenswaardig om aan te merk dat die konsep van 'n organisme ontwikkel was in die 19de eeu deur diegende wie se denke in die meeste gevalle geraak was deur die teorie van organiese evolusie. Dit staan ook bekend as Sosiale Darwinisme. Aan die anderkant egter kan opgemerk word dat, enige poging om politieke teorieë te staaf met biologiese gegewens, of om biologiese werke te evalueer op gronde van politieke toetse 'n voorbeeld is van dieselfde tipe verwarring wat daar geheers het in die konflikte tussen wetenskap en godsdiens (Thompson, 1961:201).

Laski bou voort op dieselfde trant, soos die voorafgaande dualistiese vorm (van tese en anti-tese), deur te bely dat taal ongetwyfeld baie belangrik is; maar tog kon Switserland probleme, voorgestel deur 'n magdom van tale die hoof bied. Ook kan politieke lojaliteit volgens hom ook nie veel enigiets verduidelik nie. Die geskiedenis van die 19de eeu is grotendeels die geskiedenis van veranderinge in lojaliteit soos plaasgevind in nasionalistiese terme (Laski, 1973:219).

Die beheer van 'n vaderland (Giliomee, 1990:58), wat vir baie nasionaliste die basiese kriterium van nasionalisme is, word hoog aangeslaan in enige poging om 'n nasie bewus te maak van sy afsondering. Tog, soos die Joodse ervaring kan getuig, is dit eerder die hunkering na herstel eerder as die besit (van 'n tuisland) wat van noodsaaklike belang is vir 'n konsep van nasieskap (Laski, 1973:219). Renan getuig egter, soos gekwoteer deur Laski, (1973:219) dat die idee van nasionaliteit geestelik van karakter is. Dit impliseer 'n

wete van besonderse geborgenheid of eenheid wat diegene wat daarin deel afsluit van die res van die mensdom. "That unit is the outcome of a common history, of victories won and traditions created by a corporate effort" (Laski, 1973:219).

Wat dan op die stadium deurskemer, en uiters belangrik is, volgens Adam (1979:35), is die eksklusiwiteit van nasionalistiese identifikasie.

Sodoende sluit hulle hulself van andere af. Laski (1973:219) dui aan dat alhoewel patriotisme, die liefde vir jou nasie, of soos Degenaar sou sê die liefde vir jou land, mag afdwaal in baie kronkelgange; dit, tog fundamenteel, voorkom as 'n opregte instinktiewe openbaring van familiariteit ("kinship") met 'n uitverkore groep wat doelbewus eksklusief in ingesteldheid is. Juis vanweë die feit dat nasionalisme eksklusief is, streef dit outonomiteit na, selfs ten gunste van ekonomiese opoffering.

Opsommenderwys, rakende die voorafgenoemde karakteristieke, word die volgende stelling aangehaal. "To demand autonomy in the modern world is, in effect, to demand the whole panoply of the Sovereign State ie. the monopolization of the political apparatus" (Maritz, 1982:165)$_1$. Dit beteken dat, in sy toegekende area, die nasie - staat volle beheer sal eis oor alle instrumente in die lewe. Sonder om in 'n gedetailleerde bespreking te gaan, vir doelsindes van die analise, word die volgende tipes nasionalismes onderskei deur middel van klassifikasie : volks-, liberale-, rassistiese en konstitusionele nasionalisme (Degenaar, 1990:47). Aan die anderkant verskaf Giliomee ten minste vier tipes van nasionalisme wat kompeteer om lojaliteit : Suid-Afrikanisme, Afrikanisme, Pan-Afrikanisme en etnies-stamgebonde nasionalisme (Giliomee, 1990:55).$_2$

Degenaar onderskei 'n and kwaliteit van nasionalisme deur te suggereer dat 'n persoon die betekenis van terme moet kontekstualiseer. Dit het betrekking op die betekenis van die term nasie waarvan ten minste vier gebruike onderskei word.

Eerstens, die term nasie is etimologies afgelei van "natio" wat verwys na 'n groep mense gebind deur geboorte. In die konteks word die terme etnos, volk en mense somtyds gebruik as ekwivalent met die term nasie (Degenaar, 1990:2).

Degenaar sê ook dat "a second meaning of the term nation is closely linked to a legal use of the term. It refers to people inhabiting a country, living under one common law and recognised as such by international law." 'n Skuif na 'n derde betekenis van die term nasie vind plaas wanneer die kulturele konnotasie van die eerste betekenis verbind word met politieke mag. (Degenaar, 1990:2) verduidelik : "This is the meaning attached to nation in the context of the ideology of nationalism (ie. the ideology of the legitimacy of the state)." Dis dan ook die etniese of volksnasionalisme, voortspruitend uit die eerste betekenis, wat juis die fokus vorm van die studie. In die laaste deel van die studie word daar egter meer uitgewy oor die etniese-nasionalisme.

Degenaar (1990:2) borduur voort : " 'n Ander skuif vind plaas na 'n multi-kulturele situasie. Die nasie word gevestig in so 'n plurale samelewing d.m.v. 'n gemeenskaplike lojaliteit aan 'n alles oorheersende faktor (transenderend m.b.t. etnisiteit). Die nasie word dus nie omskryf deur die oorheersing van 'n enkel kultuur nie; maar wel deur 'n gemeenskaplike kultuur of 'n klaslose samelewing of 'n grondwet." Die laaste betekenis kan duidelik positiewe weerklanke vind by Giliomee (1990:55) se nasionalistiese tipe van

Suid-Afrikanisme, of meer spesifiek Degenaar se konstitusionele nasionalisme.

Smelser, soos aangehaal deur Smith (1983:25), lewer ook kommentaar oor die Janus-tipe kwaliteit en glibberige aard van nasionalisme met spesifieke verwysing na die twee stadia van nasionalisme wat komplimenterend tot mekaar staan : "Firstly, when it fosters change and economic advance and secondly, as a tendency to retard growth by reaffirming traditional values."

Op die stadium word die beskrywing rakende nasionalisme saamgevat in 'n definisie. Volgens Snyder (1976:25) kan die kenmerke rakende die aard van nasionalisme saamgesnoer word in 'n basiese betekenis : "Nationalism is that sentiment of a group or a body people living within a compact or non-contiguous territory, using a simple language or related dialects as a vehicle for common thoughts and feelings, holding a common religious belief, posessing common institutions, traditions and customs acquired and transmitted during the course of a common history, veneating national heroes, and cherishing a common will for social homogeneity." Voorts ter afsluiting, word die volgende opmerking aangaande nasionalisme gemaak.

Gesien vanuit die lig van die voorafgenoemde wyduiteenlopende standpunte rakende nasionalisme, faal nasionalisme daarin om 'n verslag te bied oor die werklikheid. Om die minste te sê van die voorafgaande definisie se vaagheid en dubbelsinnigheid word die obligasie van die individu verskuif van plaaslike na nasionale vlak. Nasionalisme is ongeskik om rekenskap te lewer van enige realitieit by voorbeeld akute ekonomiese dilemmas (Ward, 1967:12).

"The success of nationalism breeds the conditions of its own demise" (Smith, 1983:44). "The very energies released by nationalism now undermines its validity and we seem to be moving, however uncertainly, into a new era of vast institutional change" (Ward, 1967:54).

Ward (1967:55) borduur voort deur te sê dat "for all its energy and creativeness, nationalism as an organizing principle fails in all three areas of human need : kinship, eg. nations built on basis of mixed societies proved helplessly unstable such as Slav, Teuton and Magyar; cohesion, eg. the obverse side of the comfort of tribal unity is the evil of tribal warfare; and lastly economic function, eg. national markets are too small to underpin full development."

Adam sluit aan by Ward met sy kriptiese opmerking naamlik dat "ethnicity proves to be circumstantial and situational rather than primordial" (Giliomee en Gagiano, 1990:241). In dié opsig steun hy Ward se standpunt dat nasionalisme die universele menslike behoeftes faal, soos uiteengesit in die bogenoemde paragraaf.

Kulturele of etniese nasionalisme volgens Adam is 'n legitieme vorm van self-uitdrukking (Giliomee en Gagiano, 1990:227). Dis egter verkeerd wanneer so 'n ideologie as onkrities voorgehou word en nie aan morele eise verantwoording kan doen nie. Dit is voorts immoreel om kulturele verworwendhede te oorskadu mer rasse nasionalisme, ten koste van andere. Die geinstitusionaliseerde ideologie van aparte ontwikkeling (met sy ongelyke behandeling) is lank reeds gelede deur die internasionale gemeenskap as 'n mite ontmasker.

Adam borduur voort deur te sê dat die familiariteit simboliseer, volgens analitici van etno-nasionalisme, die geheime emosionele aantrekking van etno-nasionalisme. "Berghe reduces ethnicity, an evolutionary conditioning to support kin over non-kin" (Giliomee en Gagiano, 1990:228). Adam sê dan ook verder dat "ethnic foundations consist mainly of the myth of common origin" (Giliomee and Gagiano, 1990:330). Vir kohesie dan is so 'n groep homogeen (veronderstel om te wees) en gebaseer op 'n gedeelte historiese grondslag. Soos reeds voorheen vermeld, omdat die territoriale element ook van deurslaggewende belang is, word etno-nasionalisme ook gekenmerk deur eksklusiwiteit.

Die diskoers oor etnisiteit se invloed is nog lank nie opgelos nie. Om 'n ideologie daar te stel, ten slotte, is 'n legitieme eis; maar daar heers velerlei verwarring oor hierdie instinktiewe terugkeer na die voorvaderlike weë in 'n komplekse moderne wêreld van multikulturaliteit. Om al die verwarring rondom die begrip nasionalisme op te klaar word 'n raamwerk gevolg met die konsep verandering as uitgangspunt. Verandering word dus as verwysingspunt gebruik in die verklaring van die veranderbaarheid van etniese nasionalisme. Sekere faktore speel dan ook 'n rol in die verklaring rondom die dinamiese element van etniese veranderlikes. Binne dié raamwerk van verandering word die afhanklike veranderlike geplaas. Dit is, naamlik, die vloeibaarheid van nasionalisme, wat bepaal word deur die onafhanklike veranderlikes.

## **'N TEORIE VAN VERANDERING**

Gesien in die lig van die basiese proposisies rakende ideologie en nasionalisme word die aandag nou gewend na die tema van verandering met betrekking tot etniese nasionalisme.

Daarom word hier ook 'n eklektiese benadering gevolg, eerder as om enkel oplossings aan te bied. Net soos die terme ideologie en nasionalisme is die konsep van verandering ook dubbelsinnig.

Juis daarom word gepoog om sekere ingewikkeldhede, byvoorbeeld probleme rondom die metodes en verhoudings rakende kennissisteme te vermy, wat lei tot groot verdeeldheid onder waarnemers, studente en analitici in die menslike wetenskappe.[3] Verder meer, sonder om oorvereenvoudigend te wees, word die element van deurlopendheid oorhel tot 'n verduideliking van bestaande behoudhede en verworwendhede (bv. norme, waardes, prosesse, instellings) (Rosenau, 1990:75)

"In underlining the longevity and antiquity of ethnic ties, there is a danger of forgetting the malleability of specific ethnic formations. Ethnicity may well be a near-universal, and certainly very ancient and widespread, phenomenon and cultural dimension; but particular ethnic identities are transient or subject to profound transformations" (Smith, 1983:50). Die vraag kan tereg gevra word, wanneer vind fundamentele verandering plaas? In reaksie hierop antwoord Rosenau (1990:71), rakende sy stelling met betrekking tot die verskuiwing of versteuring van die drie parameters.[4]

Verder sê Rosenau (1990:68) : "The procesesses of change are sufficiently ambiguous, elusive, and disparate ... and take on meaning only as they can be clearly differentiated from those that depict the statics of continuity." Dus, alhoewel verandering en kontinuiteit moeilik die een sonder die ander kan klaarkom, word binne die grense van die

werk, slegs aandag geskenk aan die perspektief van verandering met betrekking tot etniese nasionalisme.

Nieteenstaande, dus, die omstrede aard van verandering (of Nie-verandering al dan nie) bly verandering 'n belangrike raamwerk vir die versameling of analise van data rakende die transformasie van etniese nasionalisme. Dit is binne die raamwerk van verandering waarvolgens die stel van omstandighede optree as "keynote dynamics of change" (Lee & Schlemmer, 1993:vii). Verder, beskou vanuit 'n historiese ontwikkelingsperspektief is "ethnic identity doubtlessly a situational and transitory phenomenon" (Andretta, 1988:30). Dit is juis situasie-gebonde omdat geen verandering rakende dit in 'n vakuum plaasvind nie. Andretta (1988:17) haal dan ook aan die twee hoof proposisionele kwaliteite van die "vloeibaarheid" of aanpasbaarheid of "veranderbaarheid" van etniese identiteit : "situational and interactive qualities."

Soos gestel in die inleiding van die hoofstuk het selfs die term ideologie (soos geformuleer deur de Tracy) sy ontstaan binne 'n historiese konteks, en nie in 'n vakuum nie. In dieselfde trant soos de Tracy praat Weber ook van die Franse : "The nation, as Lord Acton perceived, was a new player on the historical stage, an ideal unit intended to absorb the divergent interests of its members in a fictitious unity. Having invented the nation, the French had to invent national definition and identification" (Weber, 1990:181). Hy gaan dan selfs verder; "Moreover,... the image of the other is crucial in defining one's own identity" (Weber, 1990:171).

Ook werk hy 'n gedetailleerde argument uit oor hoe broodnodig stereotipes is vir etniese

nasionaliteit.[5] Dit word ook kategories gestel deur Weber dat stereotipes 'n integrale deel vorm van etniese identifikasie. Alhoewel dit so broodnodig is, vind 'n persoon dat die einste stereotipes nie "eiegoed" is nie.

Volgens Weber (1990:174) het alle vorme van etniese identifikasie, rakende die oorsprong van stereotipes, een bron naamlik, die "klassieke." Hy voeg ook by dat dieselfde stereotipes as grondbeginsel van etniese identifikasie oor die eeue heen verander het. Die vloeibaarheid of aanpasbaarheid van etnisiteit kom dus duidelik na vore uit 'n studie rakende die stereotipes.

Weber (1990:194) onderstreep dan ook die gedagte m.b.t. die aanpasbaarheid, in aansluiting by die vorige paragraaf, deur te sê dat die Franse, in hul strewe na etniese identifikasie, "now looked increasingly to others for opinions of themselves".

Op die stadium moet dit pertinent gestel word, deur te herhaal wat Andretta gesê het op die vorige bladsy, naamlik dat etniese identifikasie vanuit 'n historiese oogpunt wisselend is. Juis daarom word klem gelê in die werk op die raamwerk van verandering as uitgangspunt in die studie van etniese nasionalisme. Die raamwerk van veranderinge word verder oor uitgebrei in besonderhede deur te verwys na die daarstelling van 'n stel van omstandighede. Dit is die stel van omstandighede wat optree as feitelike besonderhede binne daardie raamwerk van veranderinge.

Dit is die stel van omstandighede wat ook as 'n eksterne omgewing optree m.b.t. die verandering van nasionalisme. Binne die raamwerk van verandering word nasionalisme

beskou as 'n afhanklike veranderlike. Dié afhanklike veranderlike word meer lig op gewerp deur te verwys na die onafhanklike veranderlikes.

Dit is die stel van omstandighede binne dié raamwerk van veranderinge wat bekend sal staan, vir analitiese doeleindes, as die onafhanklike veranderlikes. Juis daarom word die fokuspunt verstel na die eksterne faktore soos blyk uit die vorige paragraaf in die woorde van Weber (1990:194).

In die breë dus gestel, as 'n stel van omstandighede, binne die konteks van internasionale verhoudinge gesien, tree die volgende op as onafhanklike veranderlikes in verhouding tot die afhanklike veranderlike, die transformasie van etniese nasionalisme : eksterne faktore soos ekologie, migrasie (proses), toerisme, tegnologie (media), oorlog (proses), subgroepisme (of supranasionalisme), magstruktuur, internasionale kapitalisme, regionale druk (wrywing met buurstate), en die internasionale gemeenskap.

Aangaande die uitligging van die konsep vakuum is die aanhaal van die volgende stelling uiters belangrik. Daar bestaan 'n verhouding tussen struktuur en agent. Betreffende menslike aktiwiteite is daar altyd 'n agent, teenwoordig, met 'n beslissende invloed rakende die stel van omstandighede. Juis daarom word die onderskeid getref tussen beplande en onbeplande faktore hoe nader die fokuspunt verskuif word met betrekking tot die lokale omstandighede.

Hoe nader die fokuspunt verskuif word met betrekking tot die lokale omstandighede sal die keuse val op slegs 'n paar van die tiental eksterne faktore, wat geklassifiseer kan word

as beplande- (byvoorbeeld regionale druk en druk van internasionale gemeenskap) en onbeplande faktore (ekologie, migrasie, toerisme, ensomeer). Die motief vir die keuse van beplande en onbeplande druk is tweërlei van aard.

Eerstens dui die keuse van beplande druk op 'n wisselwerking van faktore. Daar word spesifiek hier verwys na die interaktiewe kwaliteit van etniese nasionalisme. Soos alreeds vermeld is, vind die vorming van enige begripsleer, nie in 'n vakuum plaas nie. Die term begripsleer, as sulks, is vanselfsprekend ook veelseggend. Dit sê verder dat daar heengewys word op 'n herkenbare agent in die wisselwerking wat uitgevoer word op die omgewing, soos vervat word in die tweede gedeelte van die motivering.

Voorts, word vanuit 'n historiese perspektief, die klassieke voorbeeld van die Franse weereens aangehaal. Soos alreeds vermeld op bladsy ses word na die oorsprong van ideologie verwys as 'n "rasionele ondersoek" (Ball en Dagger, 1991:5). In die wisselwerking rakende die vorming van ideologie, soos blyk uit die Franse model as klassieke voorbeeld, kan die element van rasionaliteit of doelbewuste beplanning dus nie uitgesluit word nie. Dat beplanning, van watter kant ookal, onlosmaaklik deel vorm van die redelike aspekte nl. rasionalisering of beredenering is ongetwyfeld so.

Mense strewe altyd daarna in hul interaksie met andere om begrip en orde uit chaos te verkry en om sodoende sy omgewing te kan manipuleer. Beplanning is dus van uiterste belang in enige menslike aktiwiteit.

Tweedens, volgens Van Zyl Slabbert, in Lee en Schlemmer (1993:4) : "The distinction

between planned and unplanned pressures refers directly to the presence, or absence, of an identifiable agent or actor that desires to bring about or prevent transition..."

Die eksterne of interne faktore speel 'n uiterste belanghebbende rol m.b.t. die transformasie van etniese nasionalisme enersyds. Andersyds geld dieselfde vir die onderskeid rakende beide die belangrikheid van beplande sowel as onbeplande faktore. Vir doeleindes van die werk word die keuse slegs beperk tot die beplande faktore, soos druk van die regionale- en internasionale gemeenskap. Op 'n latere stadium word meer uitgebrei oor die uitoefening van dié keuse. Die keuse word onderskraag deur die eerste motief van die "rasionele ondersoek" soos blyk uit die vorming van die Franse model van 'n nasionalistiese ideologie tesame met die verhouding tussen struktuur en agent. Wedersyds gesproke is die tweede deel, naamlik die feit dat daar geen doelgerigte geformuleerde meetbare eenheid is m.b.t. die onbeplande faktore as refleksie van die realiteit (transformasie van etniese nasionaliteit), net so belangrik.

Die tweede gedeelte van die motief is dus komplimentêr tot die eerste deel en vandaar die keuse op beplande faktore. Enersyds is dit wel waar dat die mens reageer op sy (onbeplande) omgewing, andersyds is dit ook waar dat dit sy interpretasie of verwerking (dit wil sê beplande aksie) daarvan, sowel as die heersende ideas van die dag, wat op die ou einde die laaste of finale sê het. Voordat oorgegaan word na die beplande faktore word egter teruggegaan na die dinamika van die eksterne faktore in breë, sonder om 'n genuanseerde of gedetailleerde verklaring van elkeen te gee, ter wille van die opset van die studie.

Al die voorafgaande eksterne faktore, soos reeds gelys in 'n paar paragrawe terug, hou verband met die situasionele en interaktiewe eienskappe van etnisiteit wat die onstabiele karakter daarvan bevestig.

Aangaande die vestiging van die Pibor Murle groep speel ekologiese faktore 'n groot rol, eerder as die basis van familialiteitsbande. Dis 'n groep veeboere in die suidelike deel van Soedan wat nuttigheidsoorwegings hoog aanslaan. Faktore soos die kwaliteit van weidingsgras, grond en beskikbaarheid van water, is van uiterste belang met betrekking tot ekologiese oorwegings (Andretta, 1988:18). Dieselfde oorwegings geld vir twee ander landelike groepe in Kenia. Die Masaai veeboere word somtyds Sonjo landbouers. Ander tye van die jaar neem die Sonjo landbouers direk die rol oor van die Masaai veeboere. Etniese bande speel hier nie 'n rol nie. Hierdie roluitruiling vind plaas in reaksie op ekologiese stremminge of beperkinge (Andretta, 1988:28). Die wissel in ekologiese toestande is dus 'n spieëlbeeld van die onbestendigheid van etniese grense.

Gepaardgaande met die versteuring van ekologise faktore is die gevolg van hongersnood wat lei tot massa - emigrasies (Andreatta, 1988:25) en die fragmentasie van die etniese groepsbande. 'n Ander voorbeeld van migrasie is massa toerisme met sy afbrekende gevolge vir menige lande as gasheer (Smith, 1982:138).[6]

Ander faktore met betrekking tot die eklektiese benadering wat al in diepte nagevors is, en die nadelige invloed beklemtoon met betrekking tot etniese nasionalisme wat hier nou net geklassifiseer word vir doeleindes van die opset van die studie, is verder, tegnologie (soos die media) (Rosenau, 1990:8), oorlog (soos in Nigerië) (Matthews, 1982:494), sub-

groepisme, of meer spesifiek supranasionalisme (Rosenau, 1990:238), magstruktuur (Holsti, 1988:23), internasionale kapitalisme (Smith, 1983:48), regionale druk (Hoslti, 1992:1009) en internasionale gemeenskap (Wright, 1986:6).

Gegee die voorafgaande stel van omstandighede waarvolgens verandering plaasvind, word die aandag nou gewend na die beplande faktore. Dit is druk deur die regionale- en internasionale gemeenskap. Voortaan word weg beweeg vanaf die algemene (wêreldverhoog) tot die "partikuliere" wat weerklank vind by die situasionele en interaktiewe kwaliteit van etniese nasionalisme. Die volgende is daardie spesifieke voorbeelde : Angolese oorlog, koste verbonde aan Namibiese administrasie en sanksies (Lee & Schlemmer, 1993:8).

Alhoewel die beplande en onbeplande faktore noue verband hou met mekaar rakende die transformasie van Afrikaner Nasionalisme (as die voorbeeld van etniese nasionalisme), word die fokuspunt gedraai na die beplande faktore, soos alreeds motivering voor aangebied is. Ten laaste word die finale sê met betrekking tot die keuse rakende die beplande faktore toebedeel aan sanksies in die transformasie van Afrikaner Nasionalisme. Nieteenstaande hewige uiteenlopende standpunte in die sanksies debat kan met redelikheid gekonstateer word dat geneem in herbeskouing, sanksies 'n deurslaggewende rol gespeel het in die internasionale isolasie van Suid-Afrika.

Gesien in die lig van die Suid-Afrikaanse president, F.W.de Klerk, se hedendaagse oorsese reise, kan tereg gestel word dat net soos in die geval van die Franse model, die eksterne faktor van deurslaggewende belang is met betrekking tot etniese identifikasie en die

aanvaarde rol van die etniese groep (Afrikaner Nasionalisme) binne die internasionale gemeenskap.

Vervolgens word nou gepoog, ten slotte, om tot 'n gevolgtrekking te kom rakende die transformasie van Afrikaner Nasionalisme, met die keuse van die beplande faktor, naamlik sanksies. Soos alreeds opgemerk, bestaan daar baie ingewikkeldhede rondom die begrippe verandering, ideologie en nasionalisme. Gevalle van die ingewikkeldhede is probleme soos metodes en verhoudings rakende kennissisteme. 'n Ander openbaring van ingewikkeldhede is die spesiale verwysing na die eksterne faktore in die definiëring van etniese identifikasie. Met verwysing na die eksterne faktore word, in dieselfde asem, terug gedink aan die Franse model. Dieselfde m.b.t. die ingewikkeldhede, kan van sanksies genoem word met sy eksplisiet gestelde doel van internasionale isolasie (Wright, 1986:5). Met sanksies poog die internasionale gemeenskap dus om internasionale erkenning (naamlik die eksterne faktor) te weerhou van enige etniese groep (bv. Afrikaner Nasionalisme) wat nie voldoen aan internasionale standaarde (bv. algemene menseregte) nie.

In 1986 bv. het die Gemenebes van Nasies die Suid-Afrikaanse regering verdoem vir sy beleid van aparte ontwikkeling (Thompson L., 1990:233). In sy strewe na etniese identifikasie met sy vervanging van kulturaliteit deur rassisme as basis vir stniese nasionalisme het Afrikaner Nasionalisme 'n "isolated anomaly" (Thompson L., 1990:222) geword. Wright (1986:6) borduur voort op dieselfde trant "The call for sanctions is not new, but it has become intensified and expanded. It is heard in almost every international forum as well as in the national deliberations of many countries".

Net soos in die geval van ideologie, nasionalisme en verandering is die diskoers rondom sanksies hewig en besaai met wyduiteenlopende standpunte. Daarom word daarna gekyk met betrekking tot die effek van sanksies rakende die transformasie van Afrikaner Nasionalisme, deur te verwys na "elite konsensus" (Lambert & Curtis, 1978:175). Sanksies bv. "have affected the psychology of the business community in South Africa" (Lewis, 1990:106). Deur gebruik te maak van die elite, as mikrokosmos van etniese nasionalisme, word 'n meer betroubare weergawe gegee van die houdings ten opsigte van die effek van sanksies rakende internasionale isolasie, wat dan van deurslaggewende belang was m.b.t. veranderde Afrikanerverhoudings.

Opsommenderwys kan net gesê word dat volgens Van Wyk (1988:77) beide groepe elite (nl. politiek en burokratiese) oortuig daarvan is dat Suid-Afrikaanse internasionale isolasie gegroei het as gevolg van sanksies.

Dit wil ironies voorkom dat 'n land wat al die jare isolasie nagejaag het nou betrokkenheid met die internasionale gemeenskap wil soek; maar gesien in die lig van die eksterne faktor (nl. met verwysing na die Franse model) maak dit wel sin in die soeke na nasionale identifikasie.

## VOETNOTAS

1. Vergelyk C.J. Maritz., Ontwikkeling binne "Plurale" Samelewings, Koers 46 (1982), p. 165 vir 'n bespreking van etniese - nasionalisme in 'n multikulturele samelewing.

2. Vir 'n uitgebreide bespreking oor etniese nasionalisme sien C.P. Cronje, Onreg, Nasionalisme en Politieke Taakstelling, Koers 44 (1979), p.332.

3. Sien M.E. Smith, "The Process of Sociocultural Continuity", "Current Anthropology " V.23, No.2 (April 1982), p.135.

4. Vir meer duidelikheid oor die drie parameters betreffende verandering in die wêreldsisteem sien J.N. Rosenau, Turbulence in World Politics, (1990), p.10 - 11.

5. Uit die ontwikkeling van die nasionale stereotipes met betrekking tot die relativistiese aard kan verdere inligting bekom word van E. Weber, "Of Stereotypes and of the French", "Journal of Contemporary History" , Volume 25 (1990), p.169.

6. Dennison Nash, word hier aangehaal, wat 'n uitgebreide studie gedoen het oor die nadelige gevolge van toerisme. Vir verder verwysings sien M.E. Smith, "The Process of Sociocultural Continuity", "Current Anthropology" ,Volume 23, No.2 (April 1982), p.138.

# HOOFSTUK 2

## DIE AARD VAN AFRIKANER NASIONALISME

### I) INLEIDING

Soos alreeds opgemerk in die algemene inleiding handel Hoofstuk 2 oor die aard van Afrikaner Nasionalisme en die verandering wat dit ondergaan het. Dit is belangrik egter om eers die aard van etniese nasionalisme in oënskou te neem voordat gekyk kan word na die faktor of katalisator van varandering bv. sanksies. Om die aard van etniese nasionalisme te bepaal, is dit nodig om sekere vrae onder die vergrootglas te plaas: Hoe is dit gevorm?, Waarvoor staan dit?, en hoe het Afrikaner Nasionalisme uiting gevind in apartheid? Eers wanneer die antwoorde gevind kan word op daardie vrae kan 'n beter beoordeling gemaak word waarom Afrikaner Nasionalisme verander het.

Net soos die begrippe nasionalisme, verandering en ideologie, is die probleem rondom Afrikaner Nasionalisme ingewikkeld en veelbesproke. Juis daarom word 'n eklektiese metode gevolg om die antwoorde te verskaf op voorafgaande vrae rakende die veranderbaarheid van die fenomeen Afrikaner Nasionalisme. Die gedagte van vloeibaarheid word verder onderskraag deur die volgende stelling: "Afrikaner Nationalism often adjusted its boundaries to fit historical circumstances and social contexts" (Adam and Giliomee, 1979:83). Die veranderde elite-houding word dan ook die laaste deel aangevoer as omweerlegbare feitelike bewyse van die verandering wat die Afrikaner etniese nasionalime ingeslaan het. Daar is 'n magdom van gegewens wat 'n rol gespeel het in die vorming van Afrikaner Nasionalisme. Daar is verskeie faktore wat binne die

konteks geplaas kan word in bv. die aard van Afrikaner Nasionalisme: historiese tydslyn, interetniese druk, persoonlikheidskultus, ekonomie, ras, vrees, ensomeer om maar net 'n paar te noem. Die voorafvermelde vrae word juis beantwoord deur die kenmerke na te vors, eerder as om enkelvoudige oplossings te verskaf.

Tereg kan die gedagte opgesom word in die woorde van Adam en Giliomee (1979:104): "Different contexts shaped Afrikaner identity..."

**II) AARD VAN AFRIKANER NASIONALISME - HISTORIESE DIMENSIE**

Alhoewel die definiering van etno-nasionalisme ingewikkeld is, moet dit gesien word in terme van die historiese dimensie, eerder as in ontologiese terme volgens Degenaar (1990:2) en soos gesuggereer word deur Coetzee (1977:148). Per slot van rekening bestaan geen volk tog sonder 'n geskiedenis nie. Dit was so belangrik dat tydens die Verwoerd era daar aangedring was op die 'historiese reg' eerder as biologiese regverdiging (Adam end Giliomee, 1979:11). Teen die einde van die 18de eeu het die groei van nasionalisme in Europa ook 'n bydraende rol gespeel in die vorming van Afrikaner Nasionalisme (Thompson en Wilson, 1971:366). Verder meer, Die term Afrikaner was vir die eerste keer gebruik op 6 Maart 1707 (Thompson en Wilson, 1971:365). Dit is die presiese datum, volgens die voorafgenoemde skrywers, waartoe die gebruik van die term Afrikaner na terug gevoer kan word. Giliomee ondersteun die voorafgenoemde stelling met sy aanhaling van Bibault in 1707: "I am an Afrikaner" (Adam en Giliomee, 1979:97). Bygevoeg kan gestel word dat vanaf die vroegste dae van die Afrikaner hy bedreigd gevoel het. Dit kan dan voorts met redelikheid gestel word dat die psigologiese

faktor (Coetzee, 1977:149) 'n integrale deel uitmaak in die geskiedenis van die Afrikaner. Dit maak nie saak watter oorsaak daar gestel word nie, maar vrees was altyd 'n wesenlike element.

Daardie vrees het gespruit vanuit 'n velerlei van belewenisse in hul verhouding met ander volkere: swartes (1800) Britse Setlaars, Kleurlinge, Asiërs asook die Britse regering. Die rassistiese waarde, gevorm in die 18de en 19de eeue, het dus 'n deurslaggewende rol gespeel. Dieselfde waarde sê Giliomee verder was sterk verskans deur 'n magdom van wetgewing in 1948 (Adam end Giliomee, 1979:114). Verder meer was bedreiging van die nasionale identiteit die gevolg van nog ander verskeie verbandhoudende saaklikhede. Die Afrikaner as een van die jongere volke van die wêreld (Coetzee, 1977:146) was vir jare geisoleerd van die hoofstroom van Westerse idees en handeling (Thompson end Wilson, 1971:366). In dieselfde asem gaan die voorafgenoemde skrywers voort deur te sê dat die Afrikaner omring en oortref was deur meerderheidsgetalle van onderontwikkelde end meestal agterlike mense van 'n ander kleur en kultuur.

Die idee van eksklusiwiteit het dus sterk na vore getree in die 18de eeu alreeds . Dis dieselfde vrees wat aanleiding gegee het tot die oorheersing van ander groepe om sodoende hul eie identiteit te behou. Regdeur die 18de-en 19de eeu was die Afrikaner Nasionale identiteit anti-Britsgesind. "The Anglo/Boer War, in fact, probably did more to unite Afrikanerdom and infuse it with purpose and determination than any other single factor before or after" (Thompson en Wilson, 1971:367). Dit het hulle gemeenskaplike lyding, opoffering, verliese, helde, ensomeer gebied. 'n Groepsbewussyn wat tot nasionale koherensie of gebrondenheid gelei het, was gevorm teen die einde van die 19de eeu. Die

groepsbewussyn was omvorm vanuit 'n mengelmoes van nasies: Hollanders, Franse, Duitsers en die Engelse later.

Wilson en Thompson borduur voort op dieselfde trant deur ander belangrike gebeurtenisse ook-aan te haal wat verdere vorm en inhoud aan Afrikaner Nasionalisme gegee het. Dit is faktore soos die Slag van Majuba, en die formasie van die Afrikaner Bond in 1879 asook die Transvaalse-Britse onafhanklikheidsoorlog in 1880 - 1881. Teen die einde van die 19de eeu was nasionale kohesie dus alreeds gevorm.

In die twintigste eeu het Afrikaner Nasionalisme anders daaruit gesien. Dit was gevorm en beïnvoloed merendeels deur interetniese druk. Thompson en Wilson (19771: 367) noem J.B.M. Hertzog dan ook as die vader van die moderne Afrikaner Nasionalisme. Hy was beskou as die nie-amptelike nasionale spreekbuis. Dit was met sy toespraak op 7 Desember 1912 te De Wildt dat die Nasionale Party die lig gesien het vir die eerste keer. Dit was tydens die periode van Britse heropbou dat die vlam van Afrikaner Nasionalisme nog gebrand het. Moodie ondersteun die idee van mistisisime en sê dat dit eers teen 1938 en 1948 was dat die Afrikaner godsdiens en politiek beskou het as bepalend van hulle leefwyse (Adam en Giliomee, 1979:113). Op die stadium egter was dit die einste Anglo-Boere oorlog wat die band tussen die Boere van die Kaap en die Boere van die voormalige republieke herstel het. 'n Ander bydraende faktor tot die vorming van die Afrikaner Nasionalisme was die Europese nasionalisme in 1918. Afrikaner Nasionalisme was voortaan sterk beïnvloed deur die Afrika Nasionalisme na 1945. Selfs tot 1960 is die Afrikaner beinvloed en of gevorm deur interetniese druk (Coetzee, 1977:1957).

Ook stel Du Plessis (1986:11) dit duidelik dat die polities volwasse wordende Afrikaner van die 1980's iemand anders is as die storm en drang Afrikaner van die dertiger-, veertiger- ,-vyftiger- en selfs sestigerjare, In oënskou geneem dus, oor die jare heen, kan heelmondig met Giliomee en Adam saamgestem word dat die Afrikaner kan grense aangepas het by die historiese omstandighede en sosiale kontekste. Die Afrikaner van die twintigste eeu is polities wordend gesproke dus heeltemal anders as dié van die vorige eeue. Hieroor, naamlik met betrekking tot die polities volwasse Afrikaner van die 80tiger jare, word egter later meer oor uitgewys in die laaste gedeelte van die hoofstuk met betrekking tot die veranderende houdings.

Op die stadium word die fokuspunt verskuif vanaf die historiese tydslyn of geskiedenis van die Afrikaner met sy gedeelde ervarings na ander begrippe in die konseptuele verklaring rakende die formasie van Afrikaner Nasionalisme.

Soos reeds opgemerk, was 'n groepsgevoel alreeds ontwikkeld teen die einde van die 19de eeu. Daardie groepsgebondenheid was gebaseer op familialiteitsbande veral, waarvan tekens van eksklusiwiteit alreeds in die 18de eeu te vinde was. Hierdie gedagte van eksklusiwiteit of uitsluiting, of in ander woorde apartheid, het gegroei uit 'n ervaring van 'n gevestigde blanke bevolking (Thompson en Wilson, 1971:406), gebaseer op die Christelike beginsel van reg en geregtigheid. In die woorde van Giliomee: "They now desired the mobilization of all the Afrikaners, 'during the late nineteenth century', across South Africa on an ethnic basis" (Adam en Giliomee, 1979:103). Hierdie groepsnasionalisme of etno-nasionalisme het dus familialiteits simbolisme beklemtoon of onderstreep (Giliomee end Gegiano, 1990:228), waarmee die meeste analitici van

etno-nasionalisme saamstem waarvan Afrikaner Nasionalisme 'n voorbeeld is.

**LEIERS-UITSPRAKE**

Soos alreeds vermeld in die begin van die bespreking oor die historiese faktor, is dit moeilik om etno-nasionalisme vas te pen. Daarom verskuif die fokuspunt nou na die uitsprake van wat die Afrikaner van homself sê. Daar word dan ook meestal net gekonsentreer op die twintigste eeuse Afrikaner nasie. Degenaar (1990:2) haal dan ook ter saaklik hier aan die woorde van Van den Bergh: "A nation is a politically conscious ethnic group". Die Afrikaner nasie van die twintigste eeu is dus polities meer volwasse as die van vorige tye. Dit is dan ook gepas dat die ideologiese orgaan, nl. die Nasionale Party, eers sy geboorte ervaar het in die begin van die twintigste eeu.

Soos alreeds vermeld was, was die groepsgevoel of eksklusiwiteit alreeds gevorm teen die einde van die 19de eeu. Reeds voor 1900 was die nie-blanke as politieke en sosiale ondergeskikte gesien (Scholtz, 1974, 158). Gedurende die 1910 - 1939 tydperk was alle opeenvolgende Suid-Afrikaanse administrasies behep met die vestiging en behoud van wit mag (Thompson, 1990:157). Hierdie wit meerderwaardigheid is iets wat oorgeërf was vanuit die stryd met die Britte in die 19de eeu. Beide Wêreld oorloë het gelei tot diep skeuringe in beide die wit Suid Afrikaanse gemeenskappe asook die Afrikanergeledere1. In 1910 was die algemene verkiesing gewen deur Botha en Smuts en was beide in beheer was van die Suid-Afrikaanse party. Thompson (1990:157) sê verder dat beide besluit het op 'n koalisie van die twee etniese groepe in die wit Suid-Afrikaanse bevolking. In tussentyd stig Hertzog die Nasionale Party in 1914 om die kulturele en ekonomiese

belange van die Afrikaners te bevorder wat teen die beleid van versoening is met die ander wit groep. Taal was hier van oorwegende belang vir Hertzog wat die amptelike erkenning van Afrikaans in 1925 bewerkstellig het. Tussen 1924 en 1933 het Hertzog as leier slegs die kulturele doelwit nagejaag en die Afrikaner werker en sy taal beskerm. "Hertzog said he was discriminating in favour of persons whose standard of living conforms to the standard generally recogniosed as tolerable from the usual European standpoint" (Thompson, 1990:168).[1] In 1929 oorweeg Hertzog strenger maatreëls om rasseverhoudinge te reël (Scholtz, 1974:158).

Teen Maart 1933 vorm Hertzog en Smuts 'n koalisie-regering weens die Groot Depressie wat die Suid-Afrikaanse ekonomie geknou het. Thompson meld verder dat Malan die Gesuiwerde Nasionale Party gestig het in 1934 (Thompson, 1990:162) Hy brei uit en sê dat teen 1938 het die Gesuiwerde Nasionale Party, met sy beklemtoning van helde, godsdiens en opposisie van gemengde rasse, 'n propaganda "staatsgreep" toegepas op die Nasionale Party van Hertzog. Voortaan bedank Hertzog toe Smuts in 1939 besluit om aan die kant van Brittanje te staan teen Hitler. Teen 1910 was die inheemse stamme alreeds onderwerp tot werkersstatus en het die rasseverdeling tussen 1939 en 1948 skerper geword onder die Suid-Afrikaanse werkers. Smuts het nog steeds voortgegaan (1939 - 1948) met die segregasie stelsel: "Representations of Natives Act (1936), the Native trust and Land Act (1937)".[2] Smuts het dus rasseskeiding bevorder soos sy voorgangers. Met Smuts se afwesigheid het die waarnemende eerste minister, Hofmeyer, in 1946 gesê dat hy sal nooit enige diskriminerende maatreëls van die wetboek verwyder nie (Thompson, 1990:183). Vir Hofmeyer was die Afrikaner etniese identiteit van die

hoogste belang. Malan het intussentyd met behulp van die Broederbond beheer oor die Nasionale Party verkry en in 1948 die verkiesing gewen.

Die segregasie era wat gestrek het vanaf 1910 - 1948 was sterk gekleur deur die etniese komponent tussen die twee wit Suid-Afrikaanse rasse. Daarenteen was die Apartheid era, vanaf 1948 - 1978, sterk gekleur deur die kwessie van rasseskeiding. Na sy oorwinning in 1948 het die Nasionale Party sy magsposisie verstewig. Thompson (1990"188) borduur voort deur te sê dat die Nasionale Party sy beheer van die staat gebruik het om Afrikaner etniese doelstelling sowel as wit rassistiese doelstelling te volbring. Hierdie etnisiteit was verskans deur wetgegwing. Vanaf die middel 1950-tiger jare tot die middel 1970-tiger jare het 'n hele reeks onderdrukkende wetgewing gevolg, tydens die Malan, Verwoerd en Vorster eras: "Riotous Assemblies Act (1956), the Sabotage Act (1962), the General Law Amendment Act (1966), the Terrorism Act (1967), and the Internal Security Act (1976)" (Thompson, 1990:199). Verwoerd het prontuit gestel dat daar geen plek is vir swartes in Suid-Afrika nie na die republiekwording in 1961. Verwoerd het met sy idee van 'n eie "Gemeenskap van Nasies" 'n filosolfiese basis en inhoud verleen aan die beleid van apartheid (Thompson en Wilson, 1971:414). As voorganger van Verwoerd het Strijdom openlik rassisme bevorder (Adam end Giliomee, 1979:117). Vorster het ook in die voetspore van Malan en Verwoerd gevolg. Hy was egter minder eksplisiet met betrekking tot die rassekwessie maar het tog die volgende woorde in 1966 gesê: The cardinal principle of the N.P. is the retention, maintenance and immortalisation of Afrikaner identity within a white sovereign state" (Giliomee, 1992:347).

Samevattend dan, in die woorde van die Afrikaner Nasionaliste (Hertzog en Malan) was

die volgende die belangrikste faktore in die vorming van Afrikaner identiteit: taal en psigologiese behoeftes (Adam end Giliomee, 1979:106). Etniese identiteit was dus verkies bo klas identiteit. Soos opgemerk in hoofstuk 1 is etnisiteit egter onderworpe aan veranderinge en het dit dus oor die jare heen verander. Adam som dit dan juis so op: "ethnicity again proves to be circumstantial and situational" (Giliomee end Gagiano, 1990:241). Daarom het die Nasionale Party sy basis vir regverdiging van rassiese groep dominasie oor die dekades heen aangepas en verander.

Geneem in herbeskouïng kan die afleiding dan met redelike sekerheid aanvaar word dat in die vorming van die Afrikaner identiteit in die bykans afgelope drie eeue eksklusiwiteit van deurslaggewende belang was. Vanaf die bewindsoorname deur die Nasionale Party was die Afrikaner leiers behep met eksklusiwiteit soos Vorster dit dan ook saamgevat het in 1966. Met die opvolger van Vorster daarenteen, "The National Party no longer bases its justification for racial group domination on ethnic ideology but on technocratic survival and privilege" (Giliomee en Gagiano, 1990:229). Vanweë die aard van die studie en die eklektiese benadering wat gevolg word kan Afrikaner etnisiteit nie lineêr verklaar word nie.

Ander faktore, afgesien van die persoonlikheidsfaktor rakende die Afrikaner leiers se uitsprake, het ook 'n rol gespeel in die vorming van Afrikaner identiteit. Vir doeleinders van die studie op die stadium word die ander faktore slegs in breë trekker behandel. Dit kry dus nie dieselfde aftrek soos die historiese dimensie en die persoonlikheidkultus in die vorming van Afrikaner identiteit nie.

**EKONOMIESE FAKTOR**

Nieteenstaande die Afrikaner leiers se oënskynlik eenvormige uitsprake is daar egter ook wyduiteenlopende standpunte. Net soos die Afrikaner eenheid se samestelling nie monolities of homogeen is nie, kan daar in dieselfde asem net so van Afrikaner uisprake gepraat word. Daar is dus ander Afrikaners met ander opinies ook, behalwe as dié van net taal en psigologiese faktore. Dit is daardie Afrikaner-leiers wat die nie-politieke lewe soos byvoorbeeld ekonomie betrek (Cronje, 1979:332). Dit is in sulke tipiese multi-kulturele samelewings waar die verskeie segmente aanmekaar verbind word deur ekonomiese faktore (Maritz, 1981 - 1982:164).[3] O'Meara (1983:49) stel dit dan ook onomwonde dat Hertzog bereid was om die organisasie van werkers oor te laat aan die Arbeiders Party. "Like its Hertzogite, the G/NP (Gesuiwerde) was no single 'national' party, but a federation of four separate provincial parties. Each was the institutionalisation of a distinct form of class alliance" (O'Meara, 1983:49).[4]

Dis belangrik, ter agtergrondsketsing met betrekking tot die ontstaan van die Afrikaner Broederbond (1918) binne die haglike omstandighede, om die volgende stelling te maak op die stadium: "Following the defeat of the Boer republics in 1902, northern agriculture underwent a process of transition to capitalist agriculture. This proletarianised many white farmers on the one hand, and saw the gradual emergence of a class of capitalist farmers on the other" (O'Meara, 1983:54). Die Bond (as mikrokosmos van die Afrikaner) was behep met die ontwikkeling of bevryding van die Afrikaner uit sy omstandighede. Vir Maritz (1981 - 1982:161) beteken ontwikkeling dan, vanuit 'n ekonomiese oogpunt, die volgende: 'n eenlynige beweging na 'n toestand van maksimimum industrialisasie en die

hoogste materiële lewenspeil. Soos opgemerk sal word voortaan sluit O'Meara aan by die vorige stelling.

Die Bond (in sy ontwikkeling) wat aanvanklik gestig was in 1918 as 'n kultuur organisasie (O'Meara, 1983:74) het klas, politiese, religieuse end kulturele teenstrydighede, in 'n plurale samelewing, afgemaak as slegs klein verskilletjies. Verder het die Bond, om Afrikaners oor die hele land heen te organiseer en te mobiliseer, as openbare front die FAK (Federasie van Afrikaanse Kultuur Verenigings) gestig in 1929.

Die volgende woorde van die voorsitter van die Broederbond in 1932 is hier gepas: "We find the AB is slowly handing over the cultural work to its much bigger son, the FAK ... [but] national culture and the welfare of the volk will only flourish if the South African people break all foreign bonds. After the cultural and economic needs, the AB will have to devote its attention to the political needs of our people" (O'Meara, 1983:62).

As gevolg van die Bond se betrokkenheid om die Afrikaner uit sy haglike omstandighede te lig en te ontwikkel, was op heelwat kongresse ekonomiese belange bespreek. Die eerste vrugte dan van Sanlam en Broederbondsamewerking was die Ekonomiese Volkskongres gevorm in 1939 (O'Meara, 1983:107). Die Sanlam-Broederbond samewerking kom 'n lang pad aan. Volgens O'Meara (1983:97) is Sanlam een van die direkte vrugte van die vorming van Helpmekaarverenigings wat slagoffers tydens die Rebellie bygestaan het. Dit was juis tydens die verwikkelinge van dieselfde omstandighede dat die Broederbond gevorm was (1918). Dit is juis op die stadium in die vorming van die Ekonomiese Volkskongres (1939) dat 'n belangrike keerpunt plaasgevind

het in die vorming van Afrikaner Nasionalisme. Die volkskongres was met ander woorde, as keerpunt in die ontwikkeling van die ekonomiese faktor rakende die vorming van Afrikaner identiteit, verhoog tot nasionale status (O'Meara, 1983:115).

O'Meara (1983:143) borduur voort op dieselfde trant deur te sê dat die Bond selfs verder gegaan het. Die Bond het 'n RDB (Reddingsdaadbond)-komittee (1942) beopdrag om 'n AHI (Afrikaanse Handelsinstituut) te vorm. In Oktober 1950 het die FAK en sy EI (Ekonomiese Instituut) asook die RDB en AHI gesamentlik 'n tweede Ekonomiese Volkskongres belê. Hierdie tweede Ekonomiese Volkskongres was nog 'n belangrike keerpunt in die vorming van Afrikaner identiteit. Dit (Volkskongres) was ook genoem die Tweede Trek van die Afrikaner (O'Meara, 1983:254). Teen die 1980's was "volkseenheid" dus geoffer op die altaar van "Total Strategy" en die eenheid van die kapitalistiese klas (O'Meara, 1983:255). Dit het beteken volgens O'Meara dat die besigheidsmense nou die nuwe afgevaardigdes van die volk geword het. Ou nasionale beleidsrigtings het nou oorbodig geraak. Die belangrikste doelwit was winsbejag. Teen die middel 1960's het die "Tweede Trek" sy eie klas van Afrikaner finansiële, industriële en kommersiëlekapitaliste gevorm (O'Meara, 1983:254). In Adam en Giliomee (1979:119) suggereer Giliomee dat Vorster met sy uitwaartse beleid, in sy vewysing na die 'ekonomiese realiteite', erkenning dus verleen aan die ekonomiese faktor in beïnvloeding van die Afrikaner identiteit.

**INTERETNIESE DRUK**

Op die stadium in die verloop van die studie met betrekking tot die vorming van Afrikaner

identiteit word die fokuspunt verder verskuif in breë trekker na ander faktore soos byvoorbeeld interetniese druk en persepsies. Eerstens word gekyk na interetniese druk. Met die uitwaartse beleid van Vorster was interetniese druk op daardie spesifieke stadium alreeds afgewerp deur 'n proses wat begin was in 1961 (Coetzee, 1977:159). Verder meer is Coetzee (1977:155) die mening toegedaan dat die ervaring, enersyds met die inheemse volke, en andersyds met die Britte teen die einde van die 18de eeu, die interetniese druk verhoog het. Interetniese druk het veral drie aspekte van die Afrikaner se lewe geraak: Liggaamlike voortbestaan, taal en sy godsdiens. Die Afrikaner het dus bedreigd gevoel op daardie drie vlakke volgens Coetzee wat gelei het tot die laagermentaliteit of geslotenheid of in ander woorde eksklusiwiteit. Afrikaner identiteit van vandag was gevorm deur interetniese druk tot ongeveer 1960.

**PERSEPSIES**

Opsommendewys dus, rakende die kriteria of kenmerkende eienskappe van etnisiteit is dit belangrik om te let op die term persepsies (Esterhuyse, 1989:575) Hy wys ook daarop dat etnisiteit statutêr verskans was deur die Groepsgebiedewet in die reëling van groepsverhoudinge (Esterhuyse, 1989:573). Hy vermeld verder dat in die definiëring van die term etnisiteit dit toegepas of gebruik word in 'n sosio-kulturele konteks. Dis baie belangrik dat wanneer groepe van mense geklassifiseer word te let op die kenmerke van daardie klassifikasieskema (historiese dimensie, taal, ensom.), soos alreeds vermeld was voorheen in die betrokke hoofstuk. Hierdie klassifikasie skema work egter nie allenlik net deur 'n sosio-kulturele konteks bepaal nie, maar ook wel deur 'n algemene konteks. Dit

is die historiese, sosio-ekonomiese en politieke konteks (Esterhuyse, 1989:577). Die persepsie van die groep in daardie algemene konteks is ewebelangrik.

In die definiëring van etnisiteit kan daar dus nie sprake wees van blote toeval nie. Net soos dit blyk vanuit hoofstuk een in die definiëring van ideologie, waarvan etniese nasionalisme tipies is, speel die programmatiese aspek 'n groot rol. Dit gaan dus nie net alleenlik oor taal en simbole nie, maar hou etnisiteit veral verband met kollektiewe belangebehartiging (Esterhuyse, 1989:578). Esterhuyse stel dit verder op dieselfde bladsy dat in die mededinging van die groep om strategiese doelwitte (verkryging van en toegang tot politieke mag en ekonomiese hulpbronne) word daardie kenmerke van taal en genetiese afkoms gepolitiseer. Die strewe na die strategiese doelwitte kom duidelik na vore vanuit die interetniese verhouding en die uitsprake van die leiers rakende eksklusiewe sosio-politieke belang.

Dit is dus dieselfde konteks wat die groep, in sy strewe na groepsidentifikasie, se persepsies bepaal (Esterhuyse, 1989:58). Hoe die groep homself in daardie konteks sien, is dus uiters belangrik, soos blyk vanuit die interetniese verhouding. Persepsies van meerderwaardigheid of minderwaardigheid kom sterk na vore. Verder dui persepsies op houdings, hetsy negatief of positief. Hul houding teenoor swart volkere was een van meerderwaardigheid enersyds, en andersyds negatief teenoor Britte. Positiewe houdings verwys dan ook binne 'n politieke konteks na legitimiteit.[5] Juis daarom was 'n Britse regering gesien as onwettig. 'n Positiewe politieke persepsie van etniese groepsidentifikasie sal dus dan beteken die verkryging en behoud van eksklusiewe sosio-politieke belang in die nastreef van strategiese doelwitte. Die teendeel daarvan,

naamlik, 'n negatiewe politieke persepsie, in Suid-Afrika sal wees 'n "non-racial mass democratic movement" (Esterhuyse, 1989:586).

## III) VERANDERBAARHEID

Vervolgens word die aandag nou gedwing na die laaste deel van die hoofstuk naamlik verandering soos dit duidelik geblyk het uit die aard van etniese nasionalisme. Uit die magdom van kenmerkende gegewens rakende Afrikaner Nasionalisme het daar een ding, 'n alombekende feit, uitgestaan bo al die ander faktore naamlik eksklusiwiteit.

Scholtz (1974:158) stel dit dan ook onomwonde dat die Nasionale Party regdeur die twintigste eeu in die Afrikaner groepsidentifikasie prioriteit gegee het aan die rassekwessie. Volgens die Sauer verslag: "a torrent of legislation for race development followed from 1948" (Thompson en Wilson, 1971:409). Rakende die veranderbaarheid, soos dit verteenwoordigend was van Afrikaner houdings, was daar 'n beweging of verandering weg vanaf eksklusiewe sosio-politieke belang. Die feit dat sekere kenmerke van etnisiteit in die Afrikaner groepsidentifikasie nie meer so 'n groot rol speel nie, word duidelik geweerspieël vanuit die veranderinge in Afrikaner houdings. Dit is daardie persepsies wat grotendeels bepaal word deur die algemene of universele konteks waarvan meer in detail oor gepraat sal word in die volgende hoofstuk, soos heel aan die begin van dié betrokke hoofstuk gestel was, was Afrikaner Nasionalisme deur verskillende kontekste gevorm. Die bepalende faktor rakende die doeleindes van die studie word egter in hoofstuk drie behandel. Vir eers word die aandag nou indringend benodig vir 'n blik op die wegbeweeg van Afrikaner houdings na 'n negatief politieke persepsie van etnisiteit (of

groepsidentifikasie) (Esterhuyse, 1989:586). Rassisme word dus nou eksplisiet onderspeel.

In die woorde van Giliomee (1992:359): "a complex of interrelated factors (ie. linkage politics) combined to bring about the demise of apartheid". Alhoewel dit moeilik en kompleks is om die verandering te meet, is dit tog wel redelik om die elite (en hul houdings) te neem as 'n barometer van die veranderde Afrikanerhoudings. Lambert en Curtis (1978 -1979:175) stel dit dan ook kategories date "elite consensus seems clearest on these problematic points". Die elite tree dus op as 'n mikromkosmos van die Afrikaner in die opsig dat daar wel verandering ingetree het. In 1989 was die volgende opmerking gemaak in 'n Broederbond dokument vanuit die kulturele elite - geledere: "There could no longer be a white government and the head of government did not necessarily have to be white" (Giliomee, 1992:360).

Giliomee (1992:361) borduur voort en sê dat die besluit, van die staat en kulturele elite om af te sien van apartheid, 'n waterskeiding was in die geskiedenis van die Afrikaner Nasionalisme. Hierdie keerpunt was veral bevestig in die vroeë 1990-tiger jare deur die Nasionale Party. Die staat- elite het selfs sover gegaan om CODESA, 'n onderhandelingsforum te vorm in 1991 wat alle volke ingesluit het. CODESA was deel van 'n breë politieke hervormingsproses wat reeds al in die laat 70-tiger jare geïnisieer was.

Verder meer in dieselfde tydperk, van politieke kant, was "Vorster the first Afrikaner

nationalist leader to accept that it was impossible ... to seal Afrikaners off as a separate ethnic entity" (Giliomee, 1992:346) en in die 80- tiger jare lei P. W. Botha dan ook 'n era van verandering in .(Van Wyk en Geldenhuys, 1987:21). Giliomee (1992:362) stel dit verder dat die N.P. leierskap die rasse definisie van Afrikaner identiteit teen die 90-tiger jare verwerp het.6

Daar is dus 'n duidelike neiging weg van eksklusiwiteit af. "According to the Freiburg survey in 1977 there is a trend towards a great openness and a shift away from an identity that rests on exclusivity" (Adam end Giliomee, 1979:125). Die voorafgenoemde stelling word ondersteun deur ander opinie opnames waarin die houding uitgedruk word dat die tyd nou aangebreek het vir magsdeling (Geldenhuys, Nov. 1982:23). Die meningsopname in 1984, met die daarstelling van 'n Driekamer- Parlement, het dan ook 'n meer verligte houding van wit Afrikaners geopenbaar ten opsigte van huishoudelike en buitelandse kwessies (Geldenhuys, September 1984:28).

Die openbare mening het dan dan ook uitdruklik die indruk van omvangryke hervormings gelaat (Van Wyk, 1984:46). Na aanleiding van Manzo, McGowan en Van Wyk (1990:23) getuig die 1988 meningsopname dat die publiek gewillig was om meerderheidsregering te aanvaar.

Volgens Du Plessis (1986:11) word die Afrikaner van die tagtiger jare nie meer oorheers deur 'n laagermentaliteit nie. 'n Belangrike keerpunt was die aanvaarding van die swartes binne die stedelike gebiede as permanente burger gedurende die laat 1970's (Giliomee end

Gagiano, 1990:231). Daar was dus 'n eksplisiete wegbeweeg vanaf die groot plan van apartheid.

Die verkryging van elite konsensus binne Afrikaner geledere was 'n pad besaai met distels. Dit het gelei tot spanning tussen veral Afrikaners in die regering (N.P. leierskap) en Afrikaner elite buite die regering (akademici, skrywers, kerklui) met betrekking tot denke rakende die toekoms (Louw, 1987:27).[7] Die sakelui van die Kaap het ook hulle stem laat hoor. Hulle het veral uitvoer beklemtoon en die ekonomiese faktor dus onderstreep (Cloete, 1993:3). Daarmee het hulle die indringendheid van 'n politieke skikking bevorder.Dis dan tog opmerksaam om hier aan te haal dat, volgens openbare meningsoponames, sanksies die land vernietigende skade kan berokken (Geldenhuys, 1986:12).

Diè voorafgaande stelling word dan ook bevestig deur 'n ander meningsopname, ongeveer twee jaar daarna, nl. dat sanksies wel die land skade kan aandoen (Du Pisani, 1988:25).

Van der Elst (1988:3) noem selfs dat die minister van Finansies, Barend du Plessis, erken het dat "apartheid die land geld gekos het en kos nog steeds baie geld"; en voortaan dat "normalisering van die landsbestel goedkoper sal wees". Dat die ekonomiese faktor nie eenkant geskuif kan word nie, is dus tog ooglopend.

Nietemin, "Recognising these ineluctable processes,[8] many influential Whites anticipated that Africans would inexorably acquire at least a substantial share of political power in South Africa in the foreseeable future (Thompson, 1990:241). Die twee skrywers gaan

verder en sê dat baie besigheidsleiers, intellektualiste, kerklui en sport administrateurs pelgrimstogte na tropiese Afrika onderneem het om gesprek te voer met die ANC. Hier word veral gedink aan die belangrike "Anglo American Corporation" besigheidsgroep van 1985 asook die Dakar-gangers in 1987.

Ten slotte, is dit binne die raamwerk van verandering, onsekerte, spanning en interaksie dat die N.P. regering besluit het op hervorming en dat De Klerk stappe vir fundamentele hervorming toegepas het. Die N.P. het met hervormingstappe na Februarie 1990 op onderhandeling besluit, eerder as onderdrukking, met die wete dat alle betrokke partye mekaar skade kan aandoen (Schlemmer, 1993:21).

Ries en Dommisse (1982:200) onderskraag dan Schlemmer en sê dat die N.P. die pad van hervorming in 1982 gekies het, as enigste alternatief vir bloedige konflik. Die kenmerkende gegewe dus, as gevolgtrekking, wat uitstaan en uitkristalliseer van die hedendaagse Afrikaner, is inklusiwiteit. Dis die gerigtheid om inklusief te wees wat dan die Afrikaner persepsies van vandag kleur.

Voetnotas:

1) Vir meer besonderhede sien L. Thompson, "A History of South Africa", 1990 pp. 159 - 183.

2) Sien L. Thompson, "A History of South Africa", 1990, pp. 180 rakende die segregasie stelsel in meer besonderhede.

3) J.S. Furnivall, word hier aangehaal, wat 'n uitgebreide studie gedoen het oor plurale samelewings. Vir verdere verwysings sien C.J. Maritz, Ontwikkeling binne Plurale Samelewings, Koers V. 45 - 46 (1981 - 1982), pp. 164.

4) 'n Gedetailleerde weergawe word verskaf deur D. O'Meara, Volkskapitalisme, 1983, pp. 49 - 52 rakende die konomiese faktor in die vorming van Afrikaner identiteit.

5) Vir insiggewende kommentaar rakende die vermenging van die volgende verbandhoudende terme: legitimiteit , hegemonie, outonomiteit (selfbeskikkingsreg) en ras - wat soms behoort tot verskeie verwysingsordes - sien W.P. Esterhuyse, Persepsies oor Etnisiteit onder Polities - gedomineerde groepe in Suid-Afrika, Koers Vol. 54 (1989), pp. 583.

6) Meer besonderhede kan verkry word vanuit die Kodesa inligtingspakket, 1991, rakende die samestelling en funksionering daarvan.

7) Sien C. Louw, Die Suid-Afrikaanse Pers oopgevlek, Die Suid-Afrikaan, Sept. 1987, pp. 27, vir meer besonderhede rakende die belanghebbende omstredenheid van die Dakar-gangers volgens regeringsgesinde koerante.

8) Meer duidelikheid kan verkry word rakende hierdie onomkeerbare, voortstuwende lang termyn prosesse in L. Thompson, "A History of South Africa", 1990, pp. 241.

# HOOFSTUK 3

## VERANDERING IN AFRIKANER NASIONALISME

### INLEIDING

Dis belangrik om dit heel aan die begin duidelik te stel dat 'n eklektiese benadering deurentyd gevolg sal word rakende die eksterne dimensie in die verklaring van die transformasie van Afrikaner Nasionalisme.

Soos opgemerk, is daar wegbeweeg vanaf 'n eksklusiewe nasionalisme na 'n inklusiewe nasionalisme. Etnisiteit en ras speel dus nou nie meer so 'n groot rol in toekomstige onderhandelinge binne die internasionale arena nie. Die ideologie van apartheid met sy ongelyke behandeling is lankal deur die internasionale gemeenskap ontmasker. In 1986 het byvoorbeeld die Britse Gemenebes van Nasies apartheid verdoem ( Thompson, 1990:223 ). Die fokuspunt word egter in dié hoofstuk verskuif na die dinamika van daardie veranderde rigtinggewende ingesteldheid. Daar word dus gekyk na die vraagstuk hoekom Afrikaner Nasionalsme verander het vanaf 'n eksklusiewe tot 'n inklusiewe nasionalisme.

Afrikaner Nasionalisme was gevorm deur verskillende kontekste. Interne sowel as eksterne faktore het 'n ewebelangrike rol gespeel in daardie verandering. Afrikaner persepsies of houdings was wel egter bepaal op 'n deurgrondige wyse deur die universele of algemene konteks.

In die hoofstuk word dus indringend gekyk na die rol van die eksterne faktore, aangesien geen verandering binne 'n vakuum plaasvind nie.

Etniese nasionalisme is dus situasie-gebonde. Die studie suggereer daarom dan dat Afrikanerhoudings verander het vanaf eksklusiwiteit en dat dit juis gekondisioneer was deur internasionale druk. Daar was 'n botsing reeds vanaf 1948 tussen Suid-Afrikaanse sienings van rasseverhoudings en internasionale sienings daarvan. Elite-konsensus word dan gebruik om hierdie verandering te meet. Etniese nasionalisme word dus beïnvloed deur 'n stel van omstandighede soos reeds vermelding van gemaak is in hoofstuk een. Die keuse rakende daardie stel van omstandighede, soos wat motivering alreeds daarvoor aangebied is, val dus op beplande druk deur die regionale en internasionale gemeenskap en meer spesifiek sanksies. Die beplande faktore is juis belangrik enersyds vanweë die feit dat daar 'n wedersydse verhouding bestaan tussen struktuur (eksterne omgewing) en agent (Mc Gowan, 1990: 20).[1] "Hierdie verhouding wys heen op 'n herkenbare agent. Andersyds is die beplande faktore verder belangrik vanweë die feit dat ideologie 'n "rational inquiry" is (Ball & Dagger, 1991: 5). Juis omdat beplanning as faktor so 'n onlosmaaklike deel vorm in die formulering van enige begripsleer word beplande druk dus gekies in die verklaring van die transformasie van etniese nasionalisme.

Dit is dan dié stel van omstandighede waar daar 'n groot leemte bestaan en varal verwaarloos was in die verklaring van die verandering van Afrikaner Nasionalisme. Daar is nog nie in diepte navorsing gedoen oor die effek van eksterne druk op Suid-Afrika deur baie analitici nie (Porter, 1979:601). Daarom die beheptheid verder met die beplande faktor.

Volgens Wright (1986:5) is die doel van sanksies internasionale isolasie. Daar word dus gepoog om internasionale erkenning van die betrokke etniese groep te weerhou. 'n Duidelike skakeling was sigbaar tussen internasionale druk en binnelandse - en streeksbeleid van Suid-Afrika. (Barber en Barratt, 1990:320). Die rassiese kwessie in Suid-Afrika het 'n

internasionale gegewe geword. Die feit dat Suid-Afrika geen beswarende opmerkings opper jeens enige skending van sy soewereiniteit nie, dui juis implisiet daarop dat sy deel uitmaak van die internasionale gemeenskap (Nye, 1992:91). "The call for sanctions is heard in almost every international forum" (Wright, 1986:6). Fischer (1980:7) voeg dan ook by :."Whatever South Africa does in response to pressure; we must keep up the pressure." In aansluiting hierby merk Van Wyk (1988:77) dan op dat beide groepe elite (politieke en burokratiese) in Suid-Afrika oortuig daarvan is dat Suid-Afrika se internasionale isolasie gegroei het as gevolg van sanksies.

Opsommenderwys dan sover, poog die hoofstuk in die eerste deel om Suid-Afrika te skakel met die internasionale struktuur van mag en sy afhanklikheid daarvan. Die logika van die argument lui dan ook as sulks verder dat, waarso 'n onoplosmaaklike eenheid of skakeling bestaan om die stryd na skaars middele, indien dit moontlik is om 'n land te isoleer vanaf daardie struktuur van mag dit vir die betrokke land baie kostes beteken. Die opmerking was dan ook gemaak deur een van Suid- Afrika se ekonome op 'n amptelike televisieaktualiteits-program, Agenda, dat sanksies die land verarm het. 'n Eertydse Minister van Finansies, B. du Plessis, het dan ook gesê dat apartheid die land baie geld gekos het. Tussen die lyne gestel moet 'n mens onwillekeurig lees dat sanksies wel 'n invloed gehad het (Meyns, 1991:8). Wat betref die tweede deel van die hoofstuk word oorgeslaan na die sanksies - debat. Die laaste deel handel dan oor elite konsensus (Lambert en Curtis, 1978:175) rakende die isolasie van Suid-Afrika, al dan nie, as gevolg van sanksies.

**EKSTERNE OMGEWING**

Vervolgens word nou gepoog om Suid-Afrika te plaas binne die wêreldwye ope ekonomiese stelsel enersyds, sonder om reduksionisties te wees. Andersyds, volgens 'n bekende akademikus Vale "The Act of Union in 1910 and the Status of the Union Act of 1934 were the clearest manifestation of the formalisation of South Africa's position as an adjunct of the European Global System on the African Continent."

Hy gaan verder en sê dat die verval van die Europese Globale Stelsel hand aan hand gegaan het met die aanvaarding van die Atlantiese Handves, maar dat Suid-Afrika in die teenoorgestelde rigting beweeg het. Suid-Afrika kon die skild wat die Sowjet- Amerikaanse Fase gebied het, gebruik teen wêreldkritiek.[2] Die Koue Oorlog het so reg in Suid-Afrika se kraal gepas. "Although they are linked, the South African government and the international community do not share the same cognitive map with regard to the ethnic thesis" (Vale, :360). Suid-Afrika word dus geskakel met die struktuur van mag, sonder om te probeer om enkelvoudig deterministies te wees. Volgens Maritz (1980: 163) word die verskeie segmente in multi-kulturele samelewings, soos Suid-Afrika, aanmekaar verbind deur ekonomiese faktore. Dis 'n alombekende feit onder teoretici van die internasionale politiek dat Suid-Afrika deel vorm van die struktuur van mag en dat dit ten volle kapitalisties is (Shaw, 1982: 61). Reeds na hul neerlaag na 1902 van die twee Boer republieke het die noordelike landbou 'n oorgangsproses ondervind na kapitalistiese landbou (O'Meara, 1983: 54).

Die Afrikaner Bond het dit dan ook as hoofdoelwit gehad om die Afrikaner te ontwikkel en het die ekonomiese belange dan ook aan die FAK oorgedra (O'Meara, 1983: 62). Smelser

verwys dan ook ter saaklikerwys na een van die stadia van nasionalisme naamlik "when it fosters change and economic advance" (Smith, 1983: 25).

Volgens Maritz (1980: 161) beteken ontwikkeling dan vanuit 'n ekonomiese oogpunt, die volgende: 'n eenlynige beweging na 'n toestand van optimum industrialisasie en die hoogste materiële lewenspeil. 'n Mikpunt wat die Afrikaner Bond nagejaag en verwesenlik het. Hierdie proses van ontwikkeling is daadwerklik mee begin met die stigting van Helpmekaar-verenigings wat sy klimaks bereik het met Sanlam en Santam (O'Meara, 1983:97). "In 1948 the Union had gone on a massive dallar spending spree with the result that the United States had temporarily supplanted Britain as South Africa's major supplier, providing 33,5% of all imports into the Union" (Vale, 1984: 190).

Teen 1950 was finansiële kapitaal, soos geakkumuleer vanaf landbou-sektor, gekonsolideer. By die 1960's egter was groepe soos Sanlam en Rembrandt onafhanklik van landbou-kapitaal en teen die laat 1960's was die "verligte" element nie net tot die Kaap beperk nie, maar was magtige besigheidsmanne ook in die Transvaal aangetref.**3** In 1963 het Federale Mynbou, 'n affiliaal van Sanlam openlik met Anglo- American Corporation gewerk en was die General Mining and Finance Coporation gevorm (O'Meara, 1983:250). Die organisasie is die tweede grootste groep in die land na die heel grootste naamlik Anglo American. " As well as dominating South Africa, Anglo is one of the world's giant corporations, and is an important foreign investor in the United States" (Hanlon,1986: 67).

Dieselfde geld vir ander organisasies: "the SAA(Airways) is seeking an alliance with one of the foreign mega-carriers" (Sunday Times, 11 April 1993). En op dieselfde noot: "Eskom

is continuing to strengthen its international ties" (Sunday Times, 4 April 1993). Soos reeds opgemerk in die vorige paragraaf het die "verligte" element ook oorgewaai na die noorde van die land. Daar was dus openlik met ander groepe gewerk. Teen die middel 1960's het die "Tweede Trek" (Tweede Ekonomiese Volkskongres) sy eie klas van Afrikaner finansiële, industriële en kommersiële kapitaliste gevorm (O'Meara, 1983:254). Die besigheidsmanne het nou die nuwe delegate van die volk geword en het die "Tweede Trek" 'n onmiskenbare nasionale karakter begin aanneem. Hul belangrikste doelwit was winsbejag eerder as die bevordering van ou nasionale doelwitte soos gestel was met die vorming van die Helpmekaarverenigings. Die "Tweede Trek" het dus wegbeweeg vanaf die gewone of populêre Afrikaner belange na samewerking met ander nie-Afrikaner finansiële kapitaal volgens O'Meara (1983:251). O'Meara (1983:254) borduur voort op dieselfde trant as hy die opmerking maak: "Under P.W. Botha, the NP government has gone out of its way to project itself and its 'total strategy' as representing a broad alliance of all sections of capitalist class. Die nuwe kapitalitiese klas het geen groepbeperkings nie. Dis dié nuwe volksdelegate naamlik Afrikanersakelui en regering wat na die Tweede Wêreldoorlog met die internasionale ekonomiese wêreld moes saamleef.

Hulle moes ook politieke tendense dophou en waardeer asook die Suid-Afrikaanse regering se optrede verklaar en regverdig aan buitelandse internasionale finansiers en nyweraars. "The business sections have negotiated links with foreign companies" (Shaw, 1982: 245). Juis daarom is die sleutelwoord vir hulle, "verantwoording", aan die internasionale gemeenskap.

Wat egter minder bekend is as dié openlike flirtasie van Afrikaner kapitaal met nie-Afrikaner kapitaal is die buitelandse belange. Dis juis hierdie nuwe buitelandse moontlikhede wat die

nuwe delegate van die volk soos 'n magneet trek. Verder meer is dit die noodsaaklike vloei van internasionale transaksies in verhouding tot die dominansie van Afrikaner finansiële kapitaal wat Suid-Afrika onlosmaaklik laat deel uitmaak van die wêreldwye ope ekonomiese stelsel. "South Africa has a particularly open economy with well over 50 % of GDP dependent on external trade" (Geldenhuys,1989: 93).

Voorts word dit gestel dat meer as 50% van Suid-Afrika se wêreldhandel geskied met die Europese Gemeenskapsmark wat dan ook 50% uitmaak van dié land se "GNP" (Sunday Times, 11 April 1993). Buitelandse belange dra dan dus ook 'n sterk verteenwoordigende stem in Suid-Afrika.

O'Meara (1983:146) sê dan ook dat daar was 'n sterk "post-war foreign capital inflow of British and Americans into the manufacturing industry. Sanlam beleggings word dan ook sterk verteenwoordig deur die vervaardigingsektor . O'Meara gaan verder en sê dat teen 1948 was buitelandse beleggings as volg versprei in Suid-Afrika: 89% van bankwese, 53% van goudmyn industrie, 35% van versekeringssektor en 33% van vervaardigingsektor. De Beer (1987:11) se woorde is ook nie onvanpas hier nie: die tydperke van opbloei in die Suid-Afrikaanse ekonomie het altyd saamgeval met jare toe daar 'n aansienlike toevloei van kapitaal uit die buiteland was. "In 1948 Britain, the former colonial power, had by far the largest foreign stake in the South African economy, but in the 1950's and, particularly, during the boom years of the 1960's and early 1970's American and continental European trade and investments grew spectacularly" (Thompson, 1990:217). Dieselfde persoon gaan voort en sê "By 1978, the United States had surpassed Britain as South Africa's principal trading partner and the Japanese as well as the Europeans were trading with South Africa on an

increasing scale. By then too $26,3 billion of foreign capital was invested in South Africa" (Thompson, 1990:217). Hy gaan verder op dieselfde bladsy en sê dat 40% van die totaal was Britse kapitaal, 20% Amerikaans, 10% Wes-Duitsland en 5% elk van die Switsers en Franse.

Omtrent 40% van die totaal was direkte beleggings (soos Ford, Mobil, Caltex Oil en General Motors) en 60% was indirekte beleggings (byvoorbeeld: Amerikaanse en Europese banklenings en aandele in goud, ensomeer). "Indeed, exports to Europe constitute 52% of South Africa's R60 billion exports in 1990. This was followed by the Far East (25%), the US (10%), Africa (10%) and South America and Australia (3%) " (Cheru, 1992:26 and Du Pisani, 1991:218). Dat Suid-Afrika ten volle deel is van die wêreldwye ope ekonomie is dus nie te betwyfel nie. Omdat Suid-Afrika 'n ope ekonomie het wat afhanklik is van finansiële interaksie sal ligte ekonomiese maatreëls onbetwisbaar 'n ernstige effek het op beide invoere en uitvoere (Hoile, 1988:32). Hierdie verbintenis tot die eksterne omgewing of struktuur van mag dui heen op die weerloosheid of manipuleerbaarheid van die betrokke lidland. Die struktuur van mag het 'n groot invloed op nasionalisme (Holsti, 1988: 215)$_4$ wat (naamlik nasionalisme) onbevoeg is om rekenskap te gee van enige realiteite byvoorbeeld ekonomiese en sosiale dilemmas (Ward, 1967:12). Die Suid-Afrikaanse ekonomie was dus nie selfvoorsienend nie (Thompson, 1990: 217). Holsti (1988: 215) borduur voort deur te sê dat " international economic transactions have become critical components of modern life and of the welfare goals of governments." "Economic opportunities and transactions also create vulnerabilities and that disruptions of transaction flows can in some cases cripple economies and, in most at least invoke serious costs" (Holsti, 1988: 216).

Die Suid-Afrikaanse ekonomie staan dan dus weerloos in veral drie opsigte:

(1) dit benodig 'n groot toevloei van buitelandse kapitaal;

(2) dit benodig die invoer van swaar masjinerie, elektroniese en transport toebehore en gereedskap,

(3) Suid-Afrika produseer nie natuurlike olie nie (Thompson, 1990:217). Thompson borduur voort op dieselfde trant, en sê dat Suid-Afrika, as 'n produsent van kosbare en noodsaaklike minerale wat verantwoordelik is vir omtrent driekwart van sy buitelandse inkomste, is afhanklik van die kapitalistiese wêreld-ekonomie. Edgar (1990: 72) sluit aan by Holsti deur te sê dat die meeste Suid-Afrikaanse ekonome stem ooreen dat Suid-Afrika nie die nodige invoere vir ekonomiese groei kan befonds sonder buitelandse kapitaal nie.

Die vloei van handelsooreenkomste soos byvoorbeeld finansiële kapitaal vloei en buitelandse beleggings is lewensbelangrik vir voortbestaan en ekonomiese vooruitgang.

Dis die manipulasie van dié handelsooreenkomste deur die internasionale gemeenskap as agent wat menige nadelige gevolg kan hê vir enige lidland betreffende sy voortbestaan of ekonomiese vooruitgang. Dit word ondersteun deur die feit dat 90% van Suid-Afrika se uitvoer goedere onderworpe is aan een of ander vorm van sanksies en dat 100 lande amptelik handelsbeperkinge met Suid-Afrika het (Geldenhuys,1989: 93). Volgens Holsti (1988:217) is daar verskeie vorme van internasionale druk of tegnieke van ekonomiese dwang: "tariffs;

quotas; boycott; embargo; loans; credits and currency manipulations; blacklists; licensing; freezing assets; granting or suspending aid including military sales or grants; expropriation; withholding dues to an international organization." Daar is ook nog ander vorme van sanksies benewens van ekonomiese tegnieke: diplomasie, propaganda, militêre tegnieke, ensovoorts om internasionale druk of sanksies toe te pas.

Gesien dus, in herbeskouïng, rakende die afhanklikheid van Suid-Afrika tot die internasionale kapitalistiese stelsel soos uiteengesit deur Esterhuyse (in hoofstuk 2), O'Meara en Holsti, kan met redelikheid dus gestel word dat Suid-Afrika 'n "oop" ekonomie het en dus inherent vatbaar is vir manipulasie deur die internasionale gemeenskap. Volgens (Pottinger: 1998:21). "There is no sense in continuing with international interaction for South Africa as a pariah state; as capitalism has become the universal dominant mode of production in the world."

Daarom was apartheid volgens Lewis (1990:107) as ekonomiese beleid 'n mislukking en moes daar vir die land se ekonomiese vooruitgang weg beweeg word vanaf apartheid. Om die kastaiings uit die vuur te krap moes Suid-Afrika die guns van die grotes opsoek. Suid-Afrika is nou besig om die menings van VSA en ander lande in ag te neem (Barber en Barratt, 1990: 321); waardeur erkenning dus verleen word aan skakeling tussen binnelandse beleid en eksterne druk. In sy soeke na die "ander"-faktor is Suid-Afrika besig met grotes soos die IMF, Wêreld Bank, "GATT" en die VN om die stabiliteit in die land te herstel (Cape Times, 4 April 1993). Suid-Afrika word nou voorgeskryf en is afhanklik van die persepsies van die "ander"- faktor soos in die geval was van Frankryk onder die afdeling ideologie

(hoofstuk 1). Soos later gesien sal word, skryf die IMF vir Suid-Afrika voor en soek Suid-Afrika ook hulle raad en opinies. Die voorafgenoemde internasionale instellings is belangrike bronne van beleggings en kan dus nie geïgnoreer word nie. Hulle noem byvoorbeeld dat die "JSE" firmas "lean and mean" (SAP's) moet wees. Dis juis as gevolg van die internasionale isolasie, wat Suid-Afrika onbewus gelaat het van ander globale verwikkelinge, dat Suid- Afrika verstom staan met betrekking tot sy rol in die nuwe veranderde internasionale verhoog. Vandaar sy beheptheid met die "ander"-faktor.

Die Regering, in 'n memo deur F.W. de Klerk, het die VN (Verenigde Nasies) versoek om so gou moontlik sy spesiale verteenwoordiger na Suid-Afrika te stuur om te help om 'n einde te bring aan die geweld (Die Burger, 11 September 1992). "At a time of dwindling production, shrinking markets and vanishing opportunities to make a living on sports-, diplomatic- and other levels the external factor plays a more prominent role in the making of a new South Africa" (SABC, Television 1, 24 January 1994). Die Veiligheidsraad van die VN het 'n resolusie op 18 Augustus 1992 aanvaar om vyftig waarnemers na Suid-Afrika te stuur. Hulle doel was om die land te beweeg in die rigting van 'n nie-rassige demokrasie (Cape Times, 7 September 1992).

Daar is ook 'n stel van streeksvlak ekonomiese forums wat besig is met 'n soektog na streeksoplossings veroorsaaak deur apartheid (Sunday Times, 11 April 1993). Tot tyd en wyl die orde herstel is, bly Suid-Afrika egter buite bereik van IMF en WB (Wêreldbank)-fondse. Juis daarom het 'n vyfman span bestaande uit IMF beamptes Suid-Afrika besoek. Die land is nou oorgeplaas vanaf die IMF se Europese-departement na die Afrika-departement (Sunday Times, 18 April 1993). Die regering van Suid-Afrika het geen

ander alternatief as dit wat deur die "New Masters" (nuwe base van die wêreld), naamlik die IMF en WB, voorgelê word nie.

'n Persoon moet onwillekeurig opmerk dat die aanvaarding van SAP's (Structural Adjustment Programmes) in 1989 deur Suid- Afrika implisiet impliseer 'n groot toutrekkery oor toegang tot wêreldhandel, in 'n poging om Suid-Afrika se isolasie die finale nekslag toe te dien en om die skuldelas te verlig. Nuwe beleggings word dus getrek om kapitaalvlug teen te werk (Daily Dispatch, 30 September 1992). Dr. C. Stals, goewerneur van die Suid-Afrikaanse Reserwe Bank, het 'n VN ondersteunde konferensie oor die Suid-Afrikaanse ekonomie toegespreek oor dié kapitaalvlug, by die Londense Skool vir Ekonomie. "Such outflows not only cause serious problems for the balance of payments but will also force an abortion of the promising economic recovery that is now taking place "(Eastern Province Herald, 24 January 1994).

Hieruit kan dus afgelei word dat dade (naamlik wegdoen van apartheid) harder spreek as woorde of leiersuitsprake. Opsommenderwys rakende die struktuur van mag kan op 'n gespaste wyse die volgende stelling aangehaal word:

"The most effective direct and indirect Third World sanctions moves against South Africa were initiated by the United Nations (arms embargo) and Iran (oil embargo) volgens Geldenhuys, soos ook verder onderskryf word deur die afdeling oor probleme (bv. buitelandse skuld).

**SANKSIES-**

Gegee dus die interafhanklikheid van Suid-Afrika tot die internasionale kapitalistiese stelsel word die fokuspunt verskuif na die rol van sanksies. Op dié stadium moet opgemerk word dat 'n diachronistiese metode gevolg word met betrekking tot die sanksiesdebat en dat twee hoofperiodes veral onderskei word naamlik die pre-1978 periode en die post-1978 periode.

**KONSEPTE**

Die onderskeiding van sekere konsepte waarna veel later weer na verwys sal word, deur middel van klassifikasie, is baie belangrik in enige bespreking oor sanksies. Volgens Lewis (1990:117) "It is important to distinguish between several issues in discussing the effects of international sanctions". Die volgende aspekte, volgens Lewis, is dan hier verder ter sprake rakende die evaluasie van sanksies: kort- en langtermyn effekte, goedere of dienste en kapitaal (sanksies met betrekking tot handel), gedeeltelike en algehele sanksies, verpligte en opsionele sanksies asook direkte en indirekte beleggings.

"Only by taking into account these distinctions will it be possible to reach useful conclusions about the likely effects of particular sanctions on the South African economy" (Lewis, 1990: 1170).

Rakende die tweede konsep gaan Porter (1979: 600) dan selfs sovêr deur die volgende stelling te maak: "Trade sanctions can damage the South African economy by reducing its level of real output and income". Gegee die interafhanklikheid van die Suid- Afrikaanse ekonomie maak so 'n stelling deur die voorafgenoemde skrywer dus tog sin. Dis dan ook volgens Lewis die VSA, Gemenebes van Nasies, en Europese Gemeenskapsmark wat probeer het om uitvoermarkte te ontken aan Suid-Afrika met hul handelssanksies van 1985. Ter wille van logika dan, word die besluit wat toegepas word rakende die keuse van die tipe of vorm van sanksies grootliks bepaal deur die doel. Daardie doel, soos afgelei kan word uit die vorige stelling en besprekings vooraf, sinspeel op isolasie. Suid-Afrika word dus daardeur internasionale erkenning geweier.

Voor daar egter werklikwaar oorgegaan kan word na die daadwerklike uitvoering van die sanksies, is dit nodig om eers nog 'n konsep aan te haal met betrekking tot die bepaling van die effek of sukses van sanksies al dan nie. Dit is die volgende aanduiders (indikators): "falling level of investment; rising rates of emigration and capital flight" (Lewis, 1990:107). Hierdie aanduiders sal verder heenwys op die sukses van die rol van sanksies, al dan nie, soos blyk uit die talle probleme wat Suid-Afrika ervaar. Soos alreeds vermeld was, is daar verskeie vorme van sanksies wat die internasionale gemeenskap toegepas het om Suid-Afrika te isoleer. Daar is 'n draad wat regdeur getrek kan word in die ewolusie van sanksies soos blyk uit die volgende onderskeiding: sanksies, disinvestering en sekere gedragskodes aldus 'n bekende akademis Geldenhuys.[5] Volgens Holsti (1988: 217) kan dit wees ekonomiese, militêre, propagandistiese, diplomatiese sanksies, ensomeer wees. Soos afgelei kan word, sal merendeels aandag geskenk word aan die ekonomiese sanksies vanweë Suid-Afrika se

interafhanklikheid van die kapitalistiese wêreld ekonomie. Ander faktore soos byvoorbeeld politieke sanksies sal meer in breë trekke na gekyk word.

**-PROBLEME-**

Internasionale opposisie teen apartheid was voor 1978 sterk retories (Thompson, 1990:215). Teen 1978 was die apartheid- staat in groot probleme. "South AFrica's boom of the 1960's and early 1970's had been followed by a sharp recession" (Thompson, 1990:221). Die twee voorvermelde Suid-Afrikaanse ekonome (De Kock en Du Plessis) se woorde kom dus nou sterk na die bewussyn dat apartheid die land baie geld gekos het. Op dié stadium is dit belangrik in die verloop van die studie om die volgende opmerking te maak.
"Since the mid-1970's however, growth has slowed down on account of international pressure to isolate South Africa. South African exports met with resistance abroad and capital formation was curtailed as a result of divestment and financial sanctions" (Cheru, 1992:18). Hy noem ook dat die goudpryse geval het vanaf 1982.

**KONSEPTE**

Dis daardie probleme wat nou aangehaal word deur middel van klassifikasie. Daarna word gekyk na sanksies in die periode voor 1978, en die eggo daarvan in die periode na 1978 wat die Afrikaner Nasionalis se posisie verder benadeel het. Probleme was grootliks voortspruitend vanweë sanksies (internasionale druk) teen Suid-Afrika as gevolg van die land se inter- afhanklikheid tot die ope wêreldwye ekonomie. Dis juis op ekonomiese gebied dat

Suid-Afrika die minste geïsoleerd was (Geldenhuys, 1987: 31), en gevolglik dus manipulaarbaar.

Volgens Thompson (1990:221) was die volgende wesenlike probleme ervaar in die land: "the white people were becoming poorer, emigration, recession, inflation". Dat Suid-Afrika in 'n resessie verkeer het, volgens "The Economist's Pocketbook" se definisie daarvan, is nie te betwyfel nie: 'n resessie is wanneer die ekonomiese produksie aktiwiteite laer is as die voorgestelde "GDP" (BBP), wat wel die geval was in Suid-Afrika gedurende die tagtiger jare soos later gesien sal word (aanghaal uit Sunday Times 11 April 1993).

Wat emigrasie betref, is daar 'n "brain drain" (van Afrikaners) uit die land en 'n toenemende rasionalisasie (Cape Times, 7 September 1992 and Cape Times, 12 January 1993) wat vererger is deur die skuldelas. Geldenhuys (1987: 32) gaan verder en haal aan "problems with getting foreign loans, investments and arms". Al die probleme het ontstaan as gevolg van die toepassing van sanksies om Suid-Afrika te isoleer en daardeur dus internasionale erkenning te weier.

**NYWERHEIDS-EN FINANSIëLE KAPITAAL**

Die voorafgaande probleme het veral uit gekristalliseer op die gebiede van nywerheidskapitaal en finansiële kapitaal wat verder gekompliseer is deur faktore soos skuld en kapitaalvlug uit die land. "The most disappointing performance is recorded in the manufacturing sector which accounts for 25% of GDP" (Cheru, 1992:18). Wat dit verder

vererger, is dat die vervaardigingsektor afhanklik is van invoere, wat verder gekompliseerd is deur die val van die goudpryse en dié van ander metale. Die goudpryse wat in 1981 getuimel het, was voorafgegaan deur 'n resessie. Die aandelemark ("JSE") wat oorgewaardeerd was (Barber and Barratt, 1990: 324 en Sunday Times, 18 April, 1993) stort in duie in 1987. Ten derdens, was die 1990 -1993 periode gekenmerk deur 'n resessie (SAUK Televisie 1, Liberty Life Advertensie, 21 January 1994).

Hierdie drie aanduiders (goudpryse en aandele wat tuimel asook resessie) dui daarop dat, vir 'n land wat se opbloei altyd gepaard gegaan het met 'n toevloei van buitelandse kapitaal, donker wolke besig is om saam te pak op die horison van demokrasie in 'n nuwe Suid-Afrika, wat reeds geknel gaan onder probleme soos water- en kragtoevoertekorte asook werkloosheid. Daar is dus 'n tekort aan buitelandse valuta wat noodsaaklik is vir die vervaardigingsektor wat afhanklik is van invoere en buitelandse kapitaal vir ontwikkeling (Cheru, 1992:23).

Volgens die IMF verslag soos geweerspieël deur Standard Bank Blad (1992:3) het internasionale isolasie gelei tot 'n hewiger vorm van proteksionisme. Met die effektiewe koers van proteksionisme teen 30% was die internasionale mededingendheid van die vervaardigingsektor groot skade berokken. Die Standard Bank ekonome gaan verder en sê dat volgens die IMF verslag gesuggereer word "that in a capital scarce global environment, South Africa at best will attract only 2% rather than 3% of GDP p.a. in foreign capital "(Standard Bank Direksie, 1992:4) en verdermeer dat "the necessity of eliminating import restrictions (i.e. protectionism) or opening up the economy will unleash foreign competition

and result in inevitable short-term rationalisation in the manufacturing sector; thereby complicating further the labour sector".

"Da Gama Textiles' chief executive blames SAP's, which was introduced in 1989 in an effort to reward exporters, for opening up the South African market to heavily subsidized foreign competitors. In just three years they had become major suppliers of 50% of the country's fabric requirements (i.e. foreigners in Far East)" (Daily Despatch 30 September 1992). So 'n beleid gerig op invoere maak Suid-Afrika afhanklik van die buiteland en dus weerloos met menige nadelige gevolge vir die ekonomie en veral die vervaardigingsektor en die arbeidsektor. 'n Politieke krisis was dan ook 'n wesenlike probleem van die land. Thompson (1990:234) sê dat "the government's problems were engendered in a large part by withdrawal of foreign investment". Hy borduur voort op dieselfde trant deur aan te haal dat die jaarlikse koers van inflasie gestyg het vanaf 11% in 1983 tot 13,25% in 1984, 16,2% in 1985 en 18,6% in 1986. "During the period 1965-79, the average GDP growth was 5,4%. Since then, growth has gone continuously down, reaching its lowest levels in the 1980-88 period (Cheru, 1992:17 en Du Pisani, 1991:211). "The real growth per capita declined in 1985 and 1986 and unemployment was rising continuously" (Thompson, 1990:234). "At the beginning of the 1970's, unemployment was about 19%. In 1992, the figure is over 40%" (Cheru, 1992:17). Gepaardgaande hiermee is die swak lewensstandaarde.[6] Die 1987 Wêreld Bank statistieke het bewys dat Suid-Afrika se groeikoers onder dié van die slegstes in die wêreld is (Thompson, 1990:241).

Die voorafgaande skrywer haal aan op dieselfde bladsy: "The gross domestic product per

capita at constant 1985 prices decreased by 1,1% in the period 1980-1987 and sanctions as well as a spate of divestments from South Africa were beginning to bite." "Between 1980-88, the economy performed at an average of 1,3% "(Cheru, 1992:17). Effectively for 1992, the economic growth was approximately minus 2% (Sunday Times 4 April 1993). Om en by in dieselfde tydperk vanaf 1980-86 het Suid-Afrika se buitelandse laste te staan gekom op vanaf R26008m - R71904m (Ramphal, 1989:41). Suid-Afrika het 'n ontsaglike skuld van $21 biljoen. "In 1985, the government announced a temporary standstill on repayment of approximately $14 billion of its $24 billion total external debt" (Barber & Barratt, 1990:324 and Die Burger 9 Januarie 1993). Die "ratio" (koers) van eksterne skuld tot GDP styg van 20,3% in 1980 tot 45,7% teen die einde van 1984 (Ramphal, 1989:11). Teen die einde van 1986 was die totale buitelandse skuld aan buitelandse banke $16,1 biljoen, waarvan $7,2 biljoen skuld van die Suid-Afrikaanse banke was (Edgar, 1990:226). Cheru (1992:4) gaan verder en sê dat die skuld in 1990 verteenwoordigend was van 21% van "GDP" en 70% van uitvoere. Cheru borduur voort en sê: "Interest payments are only 7,1% of exports. Large debt serving commitments will persist through the early 1990's" (Cheru, 1992:24). Hy haal aan op dieselfde bladsy: "In an import-dependent economy like South Africa, such pressure from the international community handicaps domestic investment, employment and growth.

The government will not be able, to rely more on interbank lending, as it has done in the 1980's, without jeopardising the growth prospects of the private sector" (Cheru, 1992:24 and Mogoba, 1989:5). As gevolg van die buitelandse skuld is daar 'n netto kapitaal uitvloei uit die land (Barber en Barratt, 1990:324 en Edgar, 1990:72). Hierdie groot buitelandse skuld is vererger deur die verbod op olie. "South Africa has been the object of a voluntary

international oil embargo and is paying an effective 40% surcharge for its oil due to the oil embargo. Furthermore, in 1984, F. van Zyl Slabbert, alleged that the government had paid at least R 385 million too much for crude oil purchases in recent years" (Hanlon, 1986: 74). In 1985 het 'n netto kapitaal uitvloei van R7160m plaasgevind wat 'n industriële agteruitgang aan die loop gesit het (Mogoba, 1989: 5).

Nog steeds by die probleem van die netto kapitaal uitvloei merk Linda Ensor op: "The total net capital outflow increased from R 5,3 billion in the first six months of last year to about double this figure in the second half. This capital drain was putting further upward pressure on interest rates (wat inflasie verder kompliseer) (Eastern Province Herald 24 January 1994). Die Reserwe Bank goewerneur, Chris Stals, het aangekondig dat kapitaal uitvloei 'n probleem skep (SAUK Televisie 1, Nuusberig, 24 Januarie 1994).

Dié kapitaalvlug vererger die skuldelas en Suid-Afrika se reserwes word verder onder druk geplaas deur debiet betalings. "Access to private foreign capital markets (eg. US and EC) to shore up the reserves and reduce pressure on interest rates looks unlikely (Sunday Times 18 April 1993). Ten slotte, rakende die probleme afdeling, is die volgende opmerking van ernstige belang: "According to the London School of Economics Centre for the Study of the South African economy there will be a stretching out of repayments of $5,2 billion to the year 2001 and that South Africa will face a foreign debt squeeze in 1994" (Cape Times 12 July 1993). Ook het hulle 1993 afgeskryf as 'n jaar vir ekonomiese herstel.

Die voorafgenoemde probleme was heelwat gekompliseer deur sanksies. "Since 1987 South

Africans saw a deepening of the political and fiscal crisis within the country" (Du Pisani, 1991:209). "For the government to raise taxes (fiscal policy problems) will result in significant deterioration in the purchasing power of consumers and a negative impact thus on GDP. "Openbare verbruik vorm 60% van alle 'GDP'" (Sunday Times 11 April 1993). Hierdie fiskale krisis loop hand aan hand met die druk wat geplaas word op Suid-Afrika se reserwes. "The Reserve Bank's gold and foreign exchange reserves fell by R 818,5 million in March to R 7,5 billion. The decline has been attributed to Eskom's recent repayment of R 600 million in foreign loans, which has prompted the Bank to draw on foreign credit lines" (Sunday Times 11 April 1993).

Dit is hoe dit gaan met al die sektore op die "JSE" wat teen 'n verlies hardloop as gevolg van oorwaardasie. Daarom word die aandag nou gewend na die tipiese sanksies hier ter sprake. Eerstens word gekyk na die periode voor 1978.

## KRONOLOGIE VAN DIE SANKSIES

### PRE - 1978 PERIODE:

Soos reeds voorheen opgemerk was, is Suid-Afrika deel van die internasionale of eksterne omgewing. Dit het veral aaneenskakeling gevind met die Weste deur middel van politieke, militêre, ekonomiese en diplomatiese bande. Al daardie faktore of skakels het meegewerk as 'n kompleks van terugslae aan die werk in Suid-Afrika as gevolg van sanksies. Dis die Weste wat nou wil "afbind", dit wil sê daardie bande afsny om Suid- Afrika te isoleer en te forseer na die onderhandelingstafel as enigste alternatief. Die rede vir die VVO se

betrokkenheid met apartheid was tweeledig: die moontlikheid van 'n vredesbedreiging, en die kwessie van die ontkenning van menseregte (Doxey, 1971: 62). Volgens Thompson en Wilson (1971:515) "This brief survey of the United Nations discussion on the policy of apartheid shows how far the majority opinion in the eighteen years of that Organization's existence shifted from merely verbal condemnation to resolutions demanding forceful measures involving economic, diplomatic and military sanctions." Selfs so vroeg soos 1946 was handelsboikotte deur Indië teen Suid-Afrika toegepas (Orkin, 1989:120).

Volgens Mills en Baynham (1990: 178) het die Gemenebes en VSA Malan se idee van 'n Afrika Verdedigingsorganisasie in die vroeë 1950's afgeskiet. Elke Amerikaanse president, vanaf Eisenhower, was vir meer as 25 jaar krities ingestel teenoor apartheid (Murray, 1985: 37). Verdermeer was Suid-Afrikaanse handelsware onderworpe aan Britse boikotte in die laat 1950's en vroeë 1960's volgens 'n bekende Suid-Afrikaanse akademikus Geldenhuys. Die skamele diplomatieke bande wat Suid-Afrika gehat het op die Afrika kontinent was ook in die 1960's verder verminder (Du Pisani, 1991:196).

"The NP's victory in 1948 dramatized the widening gap between international tendencies and values, and South Africa's political course, in that 1948 saw the UN's adoption of the Universal Declaration of Human Rights and the Commonwealth's formal entry into the era of a multiracial association of independent states when India, Pakistan and Ceylon attended their first Commonwealth Conference as fully independent and thus equal member states" na aanleiding van Geldenhuys.

Geldenhuys brei uit op dieselfde trant en sê: "In Britain, the Labour Party, after losing the 1951 general election, became the vanguard of the growing public criticism of South Africa's domestic policy." Thompson en Wilson (1971:521) sê verder dat 'n groeiende aantal goedgekeurde resolusies deur die Algemene Vergadering en die Veiligheids Raad na 1960 die apartheidsbeleid verdoem het.

Hierdie resolusies voor 1978 was meestal verbale aantygings wat saamgeval het met die Sharpville-skietery volgens Geldenhuys. Suid-Afrika was in die vroeë 1960's geforseer om die Gemenebes te verlaat aldus Geldenhuys en (Du Pisani, 1991:197) en het president Kennedy terselfdertyd apartheid in 1961 verdoem. Hulle (Thomspon & Wilson) noem by en sê dat in April 1960 die Britse stem verder onderskraging verleen het aan die Algemene Vergadering se resolusie vir aksie of optrede teen die Unie. "In 1962 is 'n resolusie vir ekonomiese en diplomatiese sanksies aanvaar. Dit was nie-verpligtend vir lede state. "In 1964 another non-mandatory resolution was passed stopping arms sales to South Africa. South Africa's isolation received added confirmation from the resolution of the General Assembly in 1963 pronouncing censure on South Africa's decision to hold a further treason trail. In December 1963 the Security Council unanimously adopted a Norwegian resolution asking for an arms embargo" (Thompson en Wilson, 1971:514).

Die verdere druk teen Suid-Afrika deur internasionale organisasies was nie net beperk tot die Verenigde Volkere Organisasie (V.V.O.) nie. Shaw (1982: 258) sê byvoorbeeld dat "The ECA"s (Economic Commission for Africa) policy recommendations include action by home governments against MNC's operating in South Africa". Die OAE was ook instrumenteel

in die beëindiging van Suid- Afrikaanse-lidmaatskap van verskeie nie-politiese gespesialiseerde V.V.O. agentskappe en die ekonomiese boikotte (Mills en Baynham, 1990:179 en Orkin 1989: 120).

Dit het uitgebrei tot bykans al die Gespesialiseerde Agentskappe ("Specialized Agencies") byvoorbeeld die Internasionale Werkers Organisasie en die Wêreld Gesondheids Organisasie. Suid-Afrika was in 1961 gedwing om die Wêreld Arbeidersorganisasie te verlaat, asook die WêreldGesondheids- Organisasie in 1965 as gevolg van pogings van Afro-Asiatiese lande (Thompson en Wilson, 1971:517). Ook het Ethiopië en Libië in Junie 1960, voormalige Volke Bond lede besluit, namens die Afrika groep by die V.V.O., om die kwessie van Namibië (destyds Suidwes- Afrika) te verwys na die Internasionale Geregshof. Samehangend met dié toenemende druk en die val van die dollar goud standaard asook die stygende petroleumpryse, het die dekade van die 1970's begin om die vertroue en geloofwaardigheid van wit Suid-Afrikaners te ondermyn (Shaw, 1982: 61). Volgens Geldenhuys (1987: 30) was Suid-Afrika deelname geweier aan die Algemene Vergadering verrigtinge in 1974. Hy borduur voort op dieselfde trant met betrekking tot die afsny van diplomatiese bande op dieselfde bladsy deur te sê dat Suid-Afrika nie meer lid is van enige groot sub-globale politieke organisasie nie soos byvoorbeeld die Organisasie van Afrika Eenheid (OAE), Gemenebes van Nasies en "Non-Aligned Movement." Suid-Afrika het vanaf 1974 nie effektiewe aktiewe deelname aan die IMF, Wêreldbank, B1S EN IBRD gehad nie (Ramphal, 1989:14). Vir baie jare het anti-apartheid aktiviste verseker dat banke en internasionale liggame nie in finansiële onderhandelings tree met Suid-Afrika nie:

Die Switsers (1974), Hollanders (1976), Midland Bank van Brittanje (1975-78), Deense regering (1978) en vele ander banke en maatskappye in VSA (1979) (Ramphal, 1989:48). In Junie 1975 was die "Simonstown Agreement" ook finaal opgehef volgens Geldenhuys. As gevolg van die Soweto-opstande in 1976 was Suid-Afrika geforseer deur V.S.A. om die vredesonderhandelinge met betrekking tot die Angolese kwessie te aanvaar na aanleiding van Geldenhuys.

In 1977 het President Carter versoek dat die beginsel van meerderheidsregering in Suid-Afrika toegepas moet word getuig twee belanghebbende gesagspersone Geldenhuys en Vale. Die Gemenebes van Nasies se "Gleneagles Agreement" van 1977 was nog 'n internasionale poging om Suid-Afrikaanse sport te isoleer. Daar was ook private sanksies toegepas teen Suid-Afrikaanse sportmanne. Die Wêreld Boks Raad het byvoorbeeld die skorsing van Suid-Afrika volvoer beweer (Geldenhuys, :330). In dieselfde jaar naamlik 1977 het die V.V.O. die onafhanklikheid van die Tuislande (Verwoerd se Gemenebes van Nasies) verwerp (Thompson, 1990: 222). Voorts in 1977 het die V.V.O. 'n verpligte verbod geplaas op die verkoop van wapens aan Suid- Afrika (Thompson, 1990: 222 en Ohlson, 1989: 186). "In October 1977 after the death of Steve Biko and harsh internal security measures the Republic slid into deeper international opprobrium and ostracism" (Mills and Baynham, 1990:180). Volgens Geldenhuys (1987: 31): "The UN's denunciations and punitive measures directed against South Africa over two decades now, provide further evidence of the Republic's alienation from the international community. Except for Rhodesia, no other state has been so persistently subjected to such drastic decisions by the world body.

**POST-1978 PERIODE**

Die fokuspunt betreffende die verdere toepassing van sanksies word nou verskuif na die post-1978 periode. Die V.V.O. het die Namibiese besit deur Suid-Afrika in 1978 as onwettig verklaar. Voortaan het die V.V.O. 'n plan uitgewerk wat gelei het tot die onafhanklikheid van daardie land in 1990 (Thompson, 1990:222). Hy gaan voort op dieselfde bladsy en sê dat: "By 1978 the civil rights movement had made significant progress in the United States and racist opinions were no longer acceptable in American politics". "In October 1978 the United States terminated an agreement to supply South Africa with enriched uranium because of the Republic's refusal to sign the Non- Proliferation Treaty" volgens Geldenhuys. In 1979 het Thatcher en Reagan egter ekonomiese sanksies teengestaan. Die Reagan administrasie het egter later 'n verbod geplaas op lenings aan Suid-Afrika (Geldenhuys, 1987: 32).

Tog (volgens Geldenhuys, 1987: 31) "as far as trade is concerned, an increasing number of states maintain in dealing with South Africa." Volgens Khan (1989:31) is daar twee tipes handelssanksies wat lande kan toepas met betrekking tot uitvoere en invoere self. Khan (1989:32) tabelleer 'n paar lande, soos Kanada, Japan, Italië, Frankryk en Nederland, as enkele voorbeelde wat die verbod op invoere toegepas het rakende goud muntstukke. Dieselfde geld vir voorafgaande lande en ook andere met betrekking tot uitvoere na Suid-Afrika soos bv. wapens, olie en rekenaartegnologie. Geldenhuys (1987:32) noem byvoorbeeld Swede, EEG en V.S.A ter ondersteuning van voorafgenoemde stelling. Hy sê verder dat "In several countries, including Britain and West Germany, private organizations have long engaged in voluntary boycotts of South African products" (Geldenhuys, 1987: 31). Mills en Baynham (1990:185) is die mening toegedaan dat Suid-Afrika teen die 1980tiger jare

onder druk gewerk het, byvoorbeeld vanaf die verklaring van die noodtoestand het Suid-Afrika 'n verlore stryd gevoer in enige pogings om internasionale sanksies af te weer. Rakende die noodtoestand sê Barber en Barratt (1990: 311) dat Suid Afrika die bedreiging in die streek gesien het as 'n oorsaak tot binnelandse probleme. Hy onderskraag Geldenhuys se opmerkings betreffende handelsbande deur te sê dat Suid - Afrika afhanklik is van die hoë skaal van internasionale beleggings, maar dat dit voorkom dat sanksies slegs eskaleer en nie minder word nie. Die 1984-1985 noodsituasie maaatreëls het intense internasionale betrokkenheid uitgelok en gelei tot 'n skerp daling in die waarde van die rand asook hernieude oproepe vir ekonomiese sanksies deur Westerse regerings (Mills en Baynham, 1990:184). In 1984 was voorstelle voorgelê vir 'n Drie-Kamer Parlementstelsel wat gelei het tot 'n noodtoestand in Julie 1985 met die gevolglike sankies deur Frankryk (Doxey, 1987:50 en Khan, 1989:31).

En op 26 Julie 1985 het die V.V.O. Veiligheidsraad 'n resolusie aanvaar wat alle state aanmoedig om nuwe beleggings in Suid-Afrika te stop. "Official restrictions on such investment have already been imposed by Sweden, Austria and France, among others" (Geldenhuys, 1987:33 en Khan, 1989:33). Die EC het ook 3 buitelandse ministers (Nederland, Italië, Luxemburg) gestuur in middel -1985 na Pretoria om noodtoestand op te hef (Barber & Barratt, 1990: 320). Volgens Barber & Barratt (1990: 308) was Suid-Afrika ook deur senator Edward Kennedy ('n sanksie voorstander) vroeër in dieselfde jaar besoek. Geldenhuys noem egter op dieselfde bladsy dat die mees gepubliseerde aktiwiteit in dié veld was die disinvesteringsveldtog7 in die V.S.A. Ook voeg hy by dat dié private sanksies besig is om te eskaleer en dat die Republiek toegang geweier word tot buitelandse tegnologie;

byvoorbeeld die nukleêre industrie. "It is the only country against which the UN Security Council today maintains a mandatory arms embargo" (Geldenhuys, 1987: 33). Die besluit om die verbod op die verkoop van wapens aan Suid-Afrika te aanvaar, vanaf 'n Afro-Asiatiese oogpunt, was 'n watermerk oorwinning in die stryd teen Westerse bevooroordeelde traagheid (Thompson en Wilson, 1971:515). "In July 1985 the Council requested all states to prohibit all nuclear contracts with South Africa and to ban the sale of computers that could be used by the South African security forces. The U.S. is one of the Western powers that has already imposed the latter restrictions (Geldenhuys, 1987:33). The UN's Special Committee on Apartheid blacklists foreign artists and sportspeople who perform in South Africa" (Geldenhuys, 1987 :33). Geldenhuys sê verder dat Wes-Duitsland alreeds sy kulturele ooreenkoms met Suid-Afrika opgeskort het. Nederland en België het ook hulle ooreenkomste in die laat 1970's opgeskort. Vandag het Suid-Afrika slegs 'n ooreenkoms met Paraguay. "Both the UN Security Council and the European Community in September 1985 called on member states to discourage cultural relations with South Africa" (Geldenhuys, 1987: 34). Hy noem ook verder dat Suid-Afrika onlangs geskors was uit die Internasionale Rooi Kruis, en dat baie lande Suid- Afrika lughawe en seehawe geriewe weier.

Hierdie burgerlike protes optogte het daartoe gelei dat baie state- en stadsregerings asook universiteite hulle beleggings in maatskappye wat besigheid doen in Suid-Afrika verkoop het. Amerikaanse maatskappye self het ook onttrek uit Suid-Afrika (Thompson, 1990:233 en Geldenhuys, 1987: 32). In 1985 het 40 maatskappye onttrek en nog 'n ander 50 in 1986. En in Julie 1985 het die Chase Manhattan- en Citi-, asook ander Banke 'n finansiële krisis

veroorsaak in Suid-Afrika (Thompson, 1990: 233 en Hayes, 1987: 24), toe dit sy kort-termyn leningsfasiliteite intrek; en ander banke daarna onmiddellik dieselfde gedoen het. Op 15 Augustus 1985, met die Rubicon- toespraak, het die rand in Johannesburg met 20% gedaal (Hayes, 1987:24).

Geldenhuys (1987: 32) sluit dan by Thompson aan deur te sê dat private sanksies dus toegepas was in die area van buitelandse lenings. Die finansiële krisis was duidelik deur die banke ontbloot as die Achilles hak van Suid-Afrika. Pretoria het selfs so ver gegaan om 'n Switserse bankier, Dr. Fritz Leutwiler, aan te stel om namens Suid-Afrika te onderhandel met die buitelandse banke met betrekking tot die finansiële skuld (Barber en Barratt, 1990: 324). In dieselfde jaar van 1985 het die EEG, Brittanje en selfs Japan op die sanksieswa geklim (Barber en Barratt, 1990: 325).

Hoe dan ookal sy, teen 1986 het buitelandse moondhede hewige druk geplaas op die Suid-Afrikaanse Regering. Ook het lede van dieselfde mondhede deur betrokkenheid by EEG, GATT, IMF en IBRD ontsettende druk geplaas op die aparheidsregering (Shepherd, 1991:11).8 Die internasionale gemeenskap het voortgegaan om die skroewe op banklenings te verstewig (Ramphal, 1989:12). Thompson (1990: 223) haal dan ook aan die besoek van die Britse Gemenebes van Nasies aan Suid-Afrika in 1986, met die doel om apartheid te vervang met 'n populêre regering. In daardie selfde jaar het hulle dan ook die apartheid regering verdoen. Terselfdertyd het die burgerlike anti-apartheid bewegings gegroei tot 'n geweldige momentum in die Verenigde State van Amerika. Teen Julie 1986 het die daling in die finansiële rand teenoor die kommersiële rand die gaping tot +- 50% laat vergroot

(Hayes, 1987:25).

Thompson (1990:234) gaan voort op dieselfde trant: "By September 1985, however, American public opinion was so aroused that, to preempt more vigorous action by Congress, Reagan issued an excutive order imposing limited sanctions against South Africa." Die momentum het egter gegroei. In Oktober 1986 het Kongres die "Comprehensive Anti-Apartheid Act" (CAAA) aanvaar bo die president se veto. Die "CAAA" was dan ook een van die gevolge of resultate van die afkondiging van die Noodtoestande wat vervat was in 'n vierledige sanksie pakket: "The Nordic Programme of Action; the Joint European Community (EC) policy; the Commonwealth Package and the 1986 US CAAA" (Van Wyk, 1988:64) Die "CAAA" het onder andere die volgende bepaal; 'n verbod op nuwe beleggings en banklenings, beëindig van lugruimte ("air links") skakeling met die V.S.A., verbod op Suid-Afrikaanse invoere en dreigemente om militêre steun af te sny aan geallieerdes wat vermoed word in die verontagsaming met betrekking tot die toepassing van die internasionale wapenverbod teen Suid-Afrika (Thompson, 1990:234). Selfs president Bush was soos Reagan deur die Kongres geforseer om ekonomiese druk op die Suid-Afrika toe te pas (Davis, 1989:12). In 1987 was die dubbele belasting wetgewing ook deurgevoer in VSA (Venter, 1989:81). "Israel under US pressure, in 1987 also boarded the sanctions bandwagon against South Africa" (Geldenhuys,1989: 95) Thompson (1990:236) voeg by dat die Internasionale Kommissie vir Juriste die apartheid regering verdoem het in Mei 1988.

In Junie 1988 het die Wêreld Goud Kommissie, bestaande uit ANC, SWAPO, Britse Anti-Apartheidsbeweging en die "End Loans to South Africa organization", tesame met Italië

en Switserland druk op Suid-Afrika geplaas. Ander internasionale anti- apartheid-en kerkliggame asook senator Edward Kennedy het hul stemme vir 'n goud sanksie laat hoor (Edgar, 1990:204).

Volgens Cheru (1992:27) bewys onlangse verslae van die "IMF" en Wêreld Bank dat verdere druk op Suid-Afrika geplaas gaan word deur hoof skenkingsorganisasies indien Suid-Afrika wil kwalifiseer vir verdere buitelandse beleggings.

In 1988 is nog verdere druk geplaas op die Suid-Afrikaanse regering deur 'n Westerse diplomatieke afvaardiging (Davies, 1989: 174). Ook in die tweede helfte van 1988 het 'n Amerikaanse, Sowjet en Britse geheime diplomatieke afvaardiging Suid-Afrika onder druk geplaas vir 'n oplossing deur middel van onderhandeling (Baynham, 1992:212). Die Komitee van Buitelandse Ministers oor Suidelike Afrika het in Augustus 1988 besluit om geen verdere handelsfinansiëring aan Suid- Afrika meer te verleen nie. Suid-Afrika is nou volgens hulle op die swart lys van die kredietburo (Ramphal, 1989:138). In 1989 het die "Emiment Church Persons Group" (ECPG) verdere druk op die WCC geplaas om Suid-Afrika in wurggreep te plaas met betrekking tot die herskedulering van lenings in 1990 in 'n vergadering met bank gemeenskappe (Mutambirwa, 1989:129).

Die IMF en Wêreldbank het verdere befondsing gekoppel aan 'n konsensus regering en vervolgens druk uitgeoefen op Suid-Afrika deur die bekendmaking van hulle SAP'S in 1989 vir Suid-Afrika (Cape Times 12 Januarie 1993, Sunday Times 4 April 1993, Sunday Times 11 April 1993 and Sunday Times 18 April 1993). Daar word dikwels vergeet dat eksterne

faktore vêr buite Suid-Afrika se beheer eweneens 'n groot deel van die blaam vir ons huidige ekonomiese dilemma, soos weerspieël was in die seksie oor probleme, moet dra (Burger 9 Januarie 1993). Dié voorafgaande stelling vind dan ook weerklank by die volgende: "Sanctions worked in South Africa to change the political order eg. banks were moving out of South Africa" (Cable News Network 26 April 1993). Die doel van sanksies is bereik. Die sanksies is nou oorbodig. Die ekonomiese sanksies is finaal gelig in 1992 en slegs die verbod op die verkoop van militêre wapens asook nukleêre samewerking staan nog (Sunday Times 11 April 1993). Nieteenstaande bly die druk egter nog steeds: "The IMF wants to know what factors may turn the economy in 1994" (Sunday Times 18 April 1993). Die jaar 1993 is afgeskryf as 'n jaar van ekonomiese herstel deur die IMF. Die nuwe volksdelegate [Afrikaner sakelui] (O'Meara) moet dus nou rekenskap gee aan internasionale finansiers. Die sekretaris van die "General Agreement on Trade and Tariffs" het dit dan ook onomwonde gestel dat sanksies grootliks bygedra het tot die isolasie van Suid-Afrika (SAUK Televisie 1, 24 Januarie 1994).

Opsommenderwys egter, ter afsluiting van die post-1978 periode, was die tydperk skerp geaksentueer deur isolasie. South Africa entered the 1980's more concerned about its isolation" (Shaw, 1982: 257).

**WAARDERING EN GEVOLGE VAN EKONOMIES DRUK**

Soos vermeld voorheen onder subhofie "konsepte" word kortliks 'n waardering gegee van enkele betrokke begrippe rakende sanksies teen Suid-Afrika asook die gevolge daarvan. Die

konstante toevloei van lang termyn kapitaal deur openbare korporasies het vir alle praktiese doeleindes opgedroog vanaf +- 1985 (Hayes, 1987:26). Direkte toepassing van finansiële sanksies het geskied deur middel van VSA federale wetgewing. Daarteenoor was indirekte disinvestering maatreëls geïmplimenteer op state en munisipale vlakke asook ander institusies byvoorbeeld universiteite, vakbonde, kerke, ensomeer (Venter, 1989:81). Handelssanksies, toegepas teen Suid-Afrika, na die Noodtoestand het hoofsaaklik gekonsentreer op uitvoere van Suid-Afrika en invoere na Suid-Afrika (Khan, 1989:31). Aangaande 'n ander belangrike konsep word die onderskeid gehandhaaf tussen korttermyn, dit wil sê 5-10 jaar, en lang termyn sienswyses (Murray, 1988/89:26). Wat betref die tipes sanksies word dit in verhouding gebring met die Achilles hakskeen idee. Eers was die Achilles hak olie en later goud (Doxey, 1987:127); maar later het dit weer handel en meer spesifiek uitvoere geword (Murray, 1985:83).

Met verloop van tyd het die Achilles hak van die Suid- Afrikaanse ekonomie finansiële sanksies geword (Doxey, 1987:127). As gevolg van ekonomiese sanksies, het sy vrywilliglik of verpligtend, het Suid-Afrika in 'n wurggreep verkeer vanweë die isolasie van alle internasionale liggame gedurende die tagtiger jare (Doxey, 1987:127). Die einste isolasie het verreikende gevolge gehad op finansiële gebied veral.

Doxey (1987:125) is veral die mening toegedaan dat 'private' sanksies teen 1985, 'n opvallend effek getoon het deels as gevolg van media dekking van swart onlusgebiede. Hayes (1987:26) voeg by dat die toepassing van "standstill arrangements" en strenger uitruiling - kontrole maatreëls nie die uitvloei van kapitaal, in die vorm van betaling van lenings en

invoere, kon stuit nie. Een van die gevolge van die kaptaalvlug is die daling in die internasionale wisselkoers van die rand; wat verder beteken dat invoere duurder word (Edgar, 1990:72). Baie finansiële kommentators erken ook dat ekonomiese effekte van sanksies in 1987 - 8 sterk kop uitgesteek het (Ramphal, 1989:110). Die goudprys het na 1987 laag gebly, en selfs in retroperspektief gedurende die 1990- 1991 skuld krisis.
Vanaf 1975 en gedurende die tagtiger jare het die GDP geval teen 'n koers van 2% per jaar (Ramphal, 1989:111). Ramphal haal aan op dieselfde bladsy dat selfs industriële produksie in 1989 laer is as in 1981. Volgens Murray (1989:5) is ekonomiese sanksies een van die redes vir Suid-Afrika se ekonomiese mislukking.

Belangrike gevolge van disinvestering is byvoorbeeld 'n beperking in toegang tot VSA - tegnologie en 'n verlies van Suid-Afrikaanse besgheidsvertroue (Venter, 1989:82).
Disinvestering het verder gelei tot 'n gebrek aan informele verhoudings op makro en mikro vlak (Murray, 1989:26).

'n Opname van banke in VSA, Europa, en Verre Ooste het die gebrek aan vertroue geopenbaar volgens 'n Gemenebes verslag (Ramphal, 1989:12) wat alles die gevolg van disinvestering was. Shepherd (1991:74) sê dat Suid-Afrika 'n behoefte ontwikkel het nie net na buitelandse tegnologie nie, maar ook buitelandse kapitaal as gevolg van disinvestering.
In 1985 met die terugtrekking van korttermyn skuld het die daaropvolgende likwiditeitskrisis gelei tot die moratorium (Edgar, 1990:226). Hy sê verder dat gedurende die middel - 1985 en middel-1987 periode 'n deling ondervind was in bankgewaarborgde krediete.

Die beperkte vermoë om oorsee te leen laat die land noustrop trek om aandag te kan gee aan belangrike kwessies soos groei en inflasie (Murray, 1989:26). Die Gemenebes verslag 1988 het bevind dat finansiële sanksies die mees effektief was in die belemmering van die Suid-Afrikaanse ekonomiese groei (Shepherd, 1991:74). Verdermeer sê hy dat dit self-versterkend is in die sin dat dit invoere beperk omdat Suid-Afrika nou lenings moet delg.

Onder die invloed van ekonomiese druk het die rand meer as helfte van sy waarde ingeboet vanaf 1982; wat daartoe gelei het dat invoere duurder word en uitvoere goedkoper (Shepherd, 1991:75). Die vorige skrywer gaan voort op dieselfde bladsy deur te sê dat die Gemenebes studie van 1989 bewys het dat Suid-Afrika 'n 7% verlaging in buitelandse handel ervaar het. Handelssanksies het dus ook 'n demper geplaas op eknomiese groei. Ramphal (1989:11) haal aan uit die "Finansiële Skakeling Verslag" van die Gemenebes dat die finansiële krisis veroorsaak was deur buitelandse sanksies as gevolg van onderdrukking van mense.

Op politieke gebied het sanksies die nuwe industrialiste geskei van die plaasboere in Transvaal en die NP- geledere laat oorhel tot die verligte element; verdermeer het dit die onderhandelingsproses bespoedig (Shepherd, 1991:90). Gegee die verskyning, van Europese Gemeenskapmark en USSR asook kompetisie van Noord-Amerika tot wêreldmarkte kon industriële en finansiële leiers getuig dat Suid-Afrika se tyd leegloop in die aanskyn van tonemende wêreld sanksies (Shepherd, 1991:90).

Die 1984 konstitusionele verandering, volgens Finansiële Skakeling verslag van die

Gemenbes, het gelei tot swakker beleggersvertroue en pogings deur wêreld om Suid-Afrika finansieël te isoleer as gevolg van rasse onluste (Ramphal, 1989:47).

Op dieselfde bladsy sê dieselfde verslag dat 'n firma in New York naamlik Frost Sullivan, Suid-Afrika se gradering van as een van die veiligste ekonomieë in die wêreld laat daal tot die vlak hoër risiko Derde Wêreld lande.

Op 28 Augustus 1985 vlieg die Goewerneur van die Reserwe Bank na London, Washington en New York om te onderhandel met finansiële instellings. Geen hond word haar af gemaak nie. Daarom nader hulle toe vir Leutwiler (Ramphal, 1989:51) om as Suid-Afrika se verteenwoordiger op te tree om die skuldsaak by die belangrike krediteure banke te beding. Leutwiler rapporteer terug aan Suid-Afrika dat banke aandring op politieke hervorming voor enige herskedulering kan plaasvind. In die Finansiële Skakelings Verslag word gerapporteer dat nie die IMB, IBRD, BIS of Paris Club vir Suid-Afrika wou ondersteun in die finansiële krisis van September 1985 nie (Ramphal, 1989:14). Die voorsitter van Anglo-American naamlik G. Relly het tereg getuig dat Suid-Afrika nie in 'n vakuum kan lewe nie (Murray, 1989:24). Selfs die minister van finansies het erkenning gegee in die 1988 begroting dat die ekonomie gebuk gaan onder sanksies (Edgar, 1990:134).

Dis altyd 'n moeilike en komplekse geval om die ekonomiese effekte van sanksies te bepaal. Enige moderne ekonomie bestaan uit 'n komplekse web van veranderlikes. Hier was nou net vlugtig gekonsentreer op sekeres soos finansiële, handel en disinvestering maatreëls. Khan (1989:73) ontwikkel die voorafvermelde gedagte verder en merk op dat dit moeilik is

om een besondere draad deur te werk of om op 'n sekere sektor van die ekonomie te konsentreer; wanneer daar na gestreef word om na die ekonomie in geheel te kyk.

Redelikerwys kan egter gestel word dat die Suid-Afrikaanse diep krisis vanweë die internasionale ekonomiese probleme vererger was deur sanksies.

Die voorafvermelde stelling was veral geverifieër deur die SAM model (Khan, 1989,73).9 Dis 'n jarelange erkende model wat aangewend word vir die bestudering van verskeie sektore van die ekonomie met verwysing na die sanksiesdebat. Die SAM konsentreer nie net op "input and output" nie, maar ook op baie ander makro- veranderlikes in die ekonomie. Verdermeer het die model bewys dat geen proponent of opponent van sanksies die koste en verliese asook die kompleksiteit van sanksies vir enige land se "output" of arbeid kan misreken nie.

**ISOLASIE**

Volgens Vale (1984: 188 ): "Conventional analyses of South Africa's position in the post-war era have held that Pretoria has increasingly found itself isolated from the international community, primarily as a result of its racial policy." "Die internasionale gemeenskap het verskeie maatstawwe toegepas oor 30 jaar om Suid-Afrika te isoleer" ( Mbeki, 1991:231). Die internasionale isolasie en sanksies het Suid-Afrikaners grootliks onbewus gelaat van die wêreld asook van hulle plek in die wêreld (Vale, 1990:19).

Die kompleks van sanksies, probleme en isolasie het die verhoog daar gestel vir 'n fundamentele heroorweging van beleidsformulering (Mills en Baynham, 1990:180). Die interafhanklikheid van die konsepte sanksies, probleme en isolasie word duidelik weerspieël deur die volgende stelling: "South Africa's increasing isolation makes it difficult to buy oil and electricity" (Hanlon, 1986: 75). Wat die probleme betref, kan 'n persoon dit logies gesproke duidelik aflei vanuit die isolasie van Suid-Afrika. Verdermeer, volgens Geldenhuys en Venter (1979:42) het Suid-Afrika en die Weste alhoemeer vervreemd geraak van mekaar as gevolg van sanksies. Hier word veral gedink aan die "CAAA" en druk deur Japan en EEG as gevolg van SAW - betrokkenheid in Botswana, Zimbabwe en Angola in 1986 (Du Pisani, 1991:211 en 212). Verdermeer stel Du Pisani (1991:215) dit dan ook duidelik in sy betoog dat finansiële sanksies begin seermaak het in die middel-1988's. Shaw (1982: 252) sê dan ook dat "This pariah status is ultimately counter-productive for South African capitalism." Vale sluit hom dan ook aan by Du Pisani deur op te merk dat die rassiese situasie in Suid-Afrika 'n bedreiging toon vir Westerse belange en internasionale stabiliteit. Dis dan ook veral na Smuts se belangrike bydrae in die optrek van die VVO- Manifes dat Suid-Afrika se internasionale status agteruit gegaan het tot internasionale berugtheid en uiteindelike totale uitgeworpenheid (Mills en Baynham, 1990:177).

En voeg dan verder by dat daar 'n organiese verhouding bestaan tussen die beëindiging van die Koue Oorlog enersyds, en Suid-Afrika se soeke na 'n nuwe samelewing andersyds (Vale, 1990: 47). Internasionale druk was dus dan grotendeels getemper of bepaal deur dié belangrike internasionale eksterne omgewing van bipolariteit. Ten slotte dan, betreffende isolasie, stel Mills en Baynham (1990:176) dit dan onomwonde: "In light of the massive

changes in the Republic the country is breaking out from the deepening isolation of the past." Die feit dat Suid-Afrika in isolasie gedompel was, kan dus nie betwyfel word nie. Die fokuspunt word egter nou verskuif na elite-konsensus rakende die isolasie van Suid-Afrika ter verdere ondersteuning daarvan.

Volgens Van Wyk (1988:63) was twee meningsopnames uitgevoer in 1983 en 1987 onderskeidelik met betrekking tot die elite- persepsie rakende isolasie op die gebiede van diplomatieke-, militêre-, ekonomiese- en sosio-kulturele verhoudings.

Die regeringselite se persepsies het die gedagte of stelling bevestig dat isolasie verdiep het op die voorafgenoemde vier gebiede. Die Suid-Afrikaanse regering het vir dekades ontken dat daar enige verbintenis was tussen eksterne isolasie en apartheid.

"Die minderheidsregering argumenteer deesdae dat die enigste weg uit die isolasie is deur binnelandse hervorming" (Van Wyk, 1988:64). Die doelstelling van sanksies, soos alreeds aangehaal was, is isolasie. Daarom het die internasionale gemeenskap gepoog om Suid-Afrika op die volgende gebiede te isoleer: diplomatiese, ekonomiese of tegnologiese, militêre, en sosio-kulturele terreine.

Twee aanduiders, volgens Van Wyk (1988:65), word aangewend om diplomatieke isolasie te meet: diplomatieke skakeling en deelname aan internasionale organisasies. Vir ekonomiese of tegnologiese isolasie word vyf aanduiders gebruik: internasionale handel, buitelandse beleggings, tegnologiese ontwikkeling, die verskaffing van olie en die voorsiening van

verrykte uranium. Die militêre aanduiders is as sulks: wapenverskaffing en die uitruil van militêre intelligensie. Sosio - kulturele aanduiders is sportbande, kulturele kontakte, die uitruil van vermaaklikheidspersone en intellektuele en akademiese kontakte. Na gelang daar slegs gekyk sal word na behoeftes van dié studie word sekere belangrike aanduiders alleenlik beklemtoon.

Die politieke elite of top magselite of soos alreeds verwys was na die regeringselite is die leiers van die regerende Nasionale Party (Van Wyk, 1988:68), enersyds.

Andersyds word die burokrastiese elite as sulks onderverdeel: diplomatieke afdeling (Buitelandse Sake), sekerheidsafdeling (SADF & SSSC"), tegnokratiese afdeling (regeringsdepartemente met 'n funksionele, ekonomiese & ontwikkelings ondersteuning oriëntasie). Van Wyk gaan voort en sê dat isolasie sedert 1983 gegroei het. Die burokrate het veral 'n ernstige agteruitgang bespeur in Suid-Afrika se diplomatieke verhoudings. Alhoewel destyds 'n graadverskil bestaan het tussen "hawks" en "doves" hiervoor, kan in herbeskouing gesien word dat voorafgenoemde stelling van "doves" geseëvier het. Verder meer, wat betref die tweede aanduider, was daar geen ontwikkeling in die diplomatieke netwerk nie (Van Wyk, 1988:70). Suid-Afrika is nie lid van enige een van die groot belangrike organisasies, soos die volgende, in die suidelike halfrond nie: OAE, Britse Gemenbes, "NAM" (Non-Alignment Movement).

Die ekonomiese isolasie het ook verdiep volgens Van Wyk. Hy haal aan dat sedert die toepassing van CAAA in 1 Januarie 1986 96 Amerikaanse maatskappye direkte

beleggingsbande met Suid-Afrika gesny het. Beide elite groepe het die disinvesteringsveldtog as 'n sukses beskou. In ander woorde gestel, Suid- Afrika se internasionale finansiële posisie het verswak as gevolg van internasionale isolasie wat gegroei het. Die twee elite groepe het ook 'n groei gesien in die militêre isolasie persepsies.

Hulle het die wapenverbod beskou as suksesvol (byvoorbeeld Angolese oorlog het gebreke uitgewys). 'n Oortuigende meerderheid van beide elite groepe het Suid-Afrika beskou as ten volle geïsoleerd op die internasionale sportgebied, sedert 1983.

Volgens Scholtz (1974:172), betrefffende konvensionele analises, het die internasionale gemeenskap alreeds in 1967 geslaag rakende Suid-Afrika se sportisolasie. Opsommenderwys dus, persepsies van isolasie het verdiep op al vier gebiede.

Die slotopmerkings word dan vervat in die volgende vraag rakende diep littekens. Daar is diep littekens soos "money drain", "brain drain"; skuldelas en werkloosheid oor die land gekerf. Dit is littekens wat veroorsaak was deur internasionale isolasie; wat 'n volbragte doelstelling van sanksies was. Die vraag kan dan tereg gestel word of al die littekens deur die towerstaffie van 'n enge etno-nasionalisme (nuwe volkstaat idee) reggestel word sonder inagneming van die historiese dimensie van daardie littekens op 'n Suid- Afrikaanse multi-kulturele samelewing? Die logiese gevolgtrekking sal nee wees in antwoord daarop. Tog, gegee die infrastruktuur van Suid-Afrika is dit moontlik om binne 10 jaar sukses te behaal op ekonomiese, politieke en sosiale gebied, volgens die "Fortune Magazine" (Cape Times 12 July 1993) deur 'n Regering van Nasionale Eenheid.

Juis daarom is daar 'n beweging geloods na 'n inklusiewe nasionalisme, vanaf 2 Februarie 1990, om verdere skade (littekens) te vermy. Enige politiek sonder kompromie is tog geen politiek nie, en juis daarom was dit 'n sinvolle skuif na 'n inklusiewe nasionalisme met 'n transendente faktor (grondwet) (Degenaar) as die samebindende "glue".

Geneem in herbekouing, is faktore soos gemeenskaplike geloof, taal, geskiedenis, grondgebied, afkoms, ekonomie, ensomeer baie belangrike bindings elemente, maar geeneen is ooit absoluut determinerend vir volkskap nie (Coetzee, 1977:149 en Cronje, 1979:332). Die volle waarheid met betrekking tot 'n volk lê selde in die selfbeeld daarvan, maar dit is eweneens slegs by hoë uitsondering volkome behels in die "objektiewe" waarneming van die buitestaander, soos Van Wyk dit dan ook aangeraak het in die afdeling oor isolasie. Die identifikasie van 'n volk lê dan in 'n sinvolle sintese tussen die "subjektiewe" en "objektiewe" waarneming (Coetzee, 1977:150).

Die studie het egter gepoog om die eksterne faktor (buitstaander), 'n verwaarloosde aspek in die Afrikaner Nasionale identifikasie, onder die vergrootglas te plaas. Dit was duidelik beklemtoon dat 'n volk se veranderbaarheid bepaal word deur tyd en omstandighede asook die eksterne agent daarby. Druk toegepas, deur 'n identifiseerbare eksterne agent, soos geblyk het uit die verifiëring van die doel (isolasie) van sanksies was redelikerwys gestel suksesvol.

**VOETNOTAS**

1. Die interpretasie verleen hier aan agent is nie soseer die beklemtoning van die deterministiese aard van die internasionale omgewing soos McGowan dit stel nie maar wel die beplande aksie deur die internasionale gemeenskap as agent.

2. Rakende die interafhanklikheid van die Suid-Afrikaanse regering met betrekking tot die vier wêreld fases, sien P. Vale p.343 vir meer duidelikheid.

3. Verdere inligting kan verkry word van D. O'Meara, Volkskaptilalisme, (1983), p.251.

4. Meer helderheid oor die konsep struktuur van mag en die invloed daarvan op nasionalisme kan bekom word van K.J. Holsti, International Politics, (1988), pp. 23-43.

5. Meer besonderhede kan verkry word van D.Geldenhuys oor die Sullivan gedragskode en die feit dat sekere Westerse regerings verder gegaan het as net blote verbale dreigemente, p.328.6. Sien Fantu Cheru, The Not So Brave New World, in The South African Institute of International Affairs, (May 1992), in meer detail oor die probleem van lewensstandaarde in Suid-Afrika, pp.22 - 23.

7. Sien Hanlon vir interessante gegewens oor die onttrekking van Standard- en Barclays Bank asook ander Britse firmas wat dieselfde gedoen het in 1985, p.69.

8. Slaan Shepherd na vir 'n uitgebreide klassifikasie met betrekking tot die chronologie van ekonomiese sanksies, pp 110-125.

9. Let op na Khan vir 'n ontwikkelde en omvangryke studie aangaande die SAM model wat van toepassing is op die effek van sanksies.

**EVALUERING**

As illustrasie, ter samevatting van diè betrokke studie, kan die volgende metaforiese uitdrukking gepas hier aangehaal word met betrekking tot die unieke Suid-Afrikaanse situasie. Donker onweerswolke pak saam, maar nog steeds sê die Afrikaners dat dit mooi weer is. Geweld seëvier hoogty; die ekonomie beleef in insinking; bomme ontplof en die land, soos Rome, en is letterlik aan die brand. Daarenteen beleef Suid-Afrika egter sy eerste ware sonskyndae na die opheffing van sanksies, isolasie en die heel eerste demokratiese verkiesing in die land. Skielik is daar meer stabiliteit in die land en is koerantmense dit eens dat die land min politieke nuus ervaar het in die afgelope tyd. Ander kwessies soos ekologiese versteurings en omgewingsbesoedeling is deesdae meer op die voorbladnuus.

Alhoewel Rome gebrand het, was die verband tussen buitelandse en binnelandse beleid en opstande nog steeds ontken. Verdermeer was Suid-Afrika merendeels veral afhanklik van en interverweefd met die internasionale gemeenskap op ekonomiese gebied (eerder as polities vlak). Juis daarom het diè studie gefokus daarop om vas te stel in hoeverre die manipulasie van daardie ekonomiese transaksie vloeïngs deur middel van sanksies geslaagd was in sy doel van isolasie.

Nieteenstaande die betroubaarheid van meningsopnames was daar een kenmerk wat regdeur voorgekom het, soos blyk uit hoofstuk twee en hoofstuk drie. Dit is die feit dat dit getuig van onsekerte. Aan die ander kant, redelikerwys, kan egter gestel word dat na aanleiding van elite -konsensus dat sanksies in sy doel geslaag het. Die regeringselite het noodwendig dus voor die keuse te staan gekom van "adapt or die".

Beide elite-groepe (politiese en burokratiese) het bevestiging uitgespreek met betrekking tot die isolasie van Suid-Afrika (hoofstuk 3) en die skade wat sanksies (hoofstuk 2) die land kan berokken. Andere soos M. Orkin, van die Community Agency for Social Enquiry" en B. Setai van die "Policy Development Bank of South Africa", wat deel was van 'n SAUK paneel, het ook erken dat sanksies effektief was en Suid-Afrika geïsoleer het. Volgens M. Orkin, "the government was squeezed into an economic vice and they could not bribe friends locally and abroad anymore" (SAUK, TV1, 27/06/1994).

Aldus het die regeringselite besluit dat inklusiwiteit van primêre belang is in die formulering van 'n "Suid-Afrikaanse nasionalisme" (Degenaar).

Dit wil dus nou voorkom dat isolasie ten volle opgehef is en dat Suid-Afrika haar plek nou weer kan volstaan in die internasionale area. Die "nuwe volksdelegate" (O'Meara) openbaar 'n ongelooflike vertroue in die toekoms van die land en "soek" die "eksterne faktor" op nou na die opheffing van isolasies.

Die " uitwaartse beleid" was dan ook versterk deur die impuls van die VN deklarasie in 1990, dat Suid-Afrika veranderinge moet aanbring oppad na 'n demokrasie. Dis dan ook later dat 'n VN afvaardiging aangesluit het by Kodesa om 'n nuwe Suid- Afrkaanse bestel te beding (SAUK, TV 1, 27/06/1994). Volgens SAFTO (South African Foreign Trade Organization) moedig Suid- Afrika nou besigheidssektore aan om produkte uit te voer. Hulle glo verdermeer dat slegs 'n "export-led economy" die Suid-Afrikaanse ekonomie kan herstel. Daarom het SAFTO, besigheidsmanne van VSA en die "Tigers" of "NIC" ontmoet om

werkloosheid in land te addresseer asook om markte uit te brei ("to expand markets") (SAUK, GMSA program, Tv 1, 20/04/1994).

Volgens joernaliste stroom buitelanders daagliks na die eerste demokratiese verkiesing Suid-Afrika binne. 'n Internasionalisering van die Suid-Afrikaanse samelewing vind nou op bykans alle vlakke plaas.

Volgens die voorsitter van SABEK (Besigheidskamer) beleef plaaslike besigheidsmanne 'n ongekende vertroue in die land se toekoms (SAUK, Tv.1, 06/06/1994). Op dieselfde nuusbulletin word gerapporteer dat Pepsi-Cola terug is na 'n tydperk van 10 jaar onttrekking. Ook neem VSA nou handelsbetrekkinge op. Volgens die SABEK voorsitter het die sakevertrou die hoogste vlak bereik binne die afgelope 6 jaar nl. 2,4% (SAUK Tv.1, 06 /06/1994).

Verdermeer het Suid-Afrika 2 jaar gelede deel geword van die internasionale rugbywêreld (SAUK, Tv.1, 08/06/1994) en is SARVU (rugby-unie) besig om Suid-Afrika se beeld oorsee te herstel (SAUK, Tv.1, 11/08/1994). Boonop neem Suid-Afrika ook deel aan die Wêreld Ekonomiese Forum tans (SAUK, Tv.1, 09/06/1994). Suid-Afrika is ook versoek, na beëindiging van die mandaat van die VN se Spesiale Komitee oor Apartheid, om sy plek by die Algemene Vergadering in te neem (SAUK, Tv1, 08/06/1994). Volgens dieselfde VN se Spesiale Komitee oor Apartheid het Suid-Afrika 'n voorbeeld vir die wêreld gestel rakende rassekonflikhantering. Die minister van finansies, D. Keys, het na aanleiding van sy begrotingsrede selfs die "belt" stywer getrek in ooreenstemming met die IMF se "lean and

mean policy of SAP's" (SAUK, Tv.1, 22/06/1994 en die Burger, 25/03/1994:9). Suid-Afrika het dan ook haar plek ingeneem by die Gemenebes van Nasies op 01/06/1994 sowel as by NAM (Nie-Verbonde Lande) (SAUK, Tv.1, 31/05/1994). Dit is op Repuliekdag dat Suid-Afrika die internasionale arena ten volle betree het.

Dit wil dus ironies voorkom, asook veelseggend daarby, dat dit op Republiekdag was in 1961 dat Suid-Afrika 'n selfopgelegde beleid van isolasie gevolg het weg vanaf die internasionale gemeenskap. Verdermeer is Suid-Afrika ook deel van internasionale organisasies: Internasionale Arbeidsorganisasie, VN, OAU en besoek president Mitterand van Frankryk Suid-Afrika binnekort (SAUK, Tv.1, 28/06/1994). Die reënboog van internasionalisering hou dus betekenisvolle beloftes in.

Opsommenderwys dus kan met redelikheid gestel word dat opgemerk vanuit openbare meningsopnames en joernalistieke ontleding dat die eksterne faktor 'n groot beslissende invloed uitgeoefen het in die transformasie van Afrikaner Nasionalisme.

**BIBLIOGRAFIE**

- Adam, H., and Giliomee, H., 1979 Ethnic Power Moblized Can South Africa Change?, London: Yale University Press Ltd.

- Andretta, E.H., 1988/89, "Symbolic Continuity, Material Discontinuity, and Ethnic Identity among Murle Communities in the Southern Sudan", Ethnlogy, V.27-28.

- Ball, T., and Dagger, R., 1991, Ideals and Ideologies, New York: Harper Collins Publishers.

- Barber, J. andBarrat,. J. (eds), 1990, South Africa'Foreign Policy. The Search for Status and Security 1945 - 1988, Cambridge, Cambridge University Press.

- Barth, H., 1976, Truth and Ideology, London: University of California Press.

- Baynham, S., 1992 From Cold War to Detente. Security and Politico-Economic Scenario for Southern Africa. Part 1 S.A. Defence Review. A Working Paper Series, Issue no.5.-

- Blaut, J.M., 1987, The National Question, London: Zed Books.

- Bogdanor, V., 1987, The Blackwell Encyclopedia of Political Institutions, New York: Black Reference.

- Cheru, F., 1992, The Not So Brave World! Problems and Prospects of Regional Integration In Post-Apartheid South Africa. The South African Institute of International Affairs. Bradlow Series, no.6.

- Cloete, G., 7 Maart 1993, "Politieke Skikking sal voorspoed bring, sê Kaapse sakelui", Rapport.

- Coetzee, H.H., 1977, "Die Afrikaner" Definisie en Konsep", Koers, V.42, no.3, pp.146-165.

- Collin, P.H., 1988, Dictionary of Government and Politics, Great Britain: Peter Collin Publishing.

- Corbet, P., 1965, Ideologies, London: Hutchinson.

- Cronje, C.P., 1979, Onreg, Nasionalisme en Politieke Taakstelling, Koers V. 44, no.5, pp. 328-338.

- Davis, R. 1989, South African Regional Policy Before and After Cuito Cuanavale, South Africa Review no.5 pp.166-180.

- Davis, S.M., 1989, The Bush Presidency and South Africa Congress and the Sanctions Outlook. SAIIA.

- De Beer, Z.J., 1987, Slegte Nuus en Ligstrale vir S.A. se ekonomie, Woord en Daad V. 27-28, pp. 11-12.

- Degenaar, J., 1990, "The Myth of a South African Nation", IDASA Occasional Paper.

- Doxey, M.P., 1971, Economic Sanctions and International Enforcement, London, Oxford University Press.

- Doxey, M.P., 1987, International Sanctions in Contemporary Perspective, London, Macmillan Press.

- Dunner, J., 1965, A Dictionary of Political Science, Great Britain: Vision.

- Du Pisani, A., October 1991, Part Four: South aFrica and the Region. Ventures into the Interior: Continuity and Change in South Africa's Regional Policy (1948-1991). Southern Africa at the Crossroads. Prospects for the Political Economy of the Region, (Eds.) Anthoni van Nieuwkerk and Gary van Staden. The South African Institute of International Affairs, Johannesburg, pp. 188-234.

- Du Pisani, A., May 1988, What Do We Think? A Survey of White Opinion on Foreign Policy Issues, No.4, SAIIA, Occassional Paper.

- Du Plessis, L., 1985. "Perspektief of liefde vir die (Afrikaner-)volk", Woord en Daad, V. 25-26.

- Edgar, R.E., 1990 Sanctioning Apartheid, Trenton, N.J., Africa World Press Inc.

- Esterhuyse, W.P., 1989, "Persepsies oor Etnisiteit onder Polities - Gedomineerde Groep in Suid-Afrika", Koers. V. 54.

- Feuer, L.S., 1975, Ideology and the Ideologists, Britain: Western Printing Services.

- Fisher, R., 1980/81, South Africa: Problems and Choices Politikon, V 7-8, pp. 1-13.

- Fowler, H.W., & F.G., 1985, The Pocket Oxford Dictionary, Great Britain, Oxford University Press.

- Geldenhuys, D., 1987, South Africa's International Isolation. International Affairs Bulletin, Vol.11, no.1 pp. 29-39.

- Geldenhuys, D., 1989, Ten Crises in South Africa's External Relations. International Affairs Bulletin. Vol.13, no.3, pp. 89-95.

- Geldenhuys, D. and Venter, D., December 1979, The development of South African ideas on regional co-operation: from Smuts to Vorster. Internal Affairs Bulletin, V.3 no.3, pp. 36-72.

- Geldenhuys, D., Nov. 1982, What Do We Think? A Survey of White Opinion on Foreign Policy Issues, SAIIA Occasional Paper.

- Geldenhuys, D., Sept. 1984, What Do We Think? A Survey of White Opinion on Foreign Policy Issues, No.2, SAIIA, Occasional Paper.

- Geldenhuys, D., May, 1986, What Do We Think? A Survey of White Opinion on Foreign Policy Issues, No.3, SAIIA, Occasional Paper.

- Giliomee, H. and Gagiano, J. (eds.), 1990, The Elusive Search for Peace, Cape Town, Oxford University Press.

- Giliomee, H., 1992, "Broedertwis 1969-1991, "African Affairs", V.91, no.364.

- Goldberg, M., 1985, "The Nature of Afrikaner Nationalism", The Journal of Modern African Studies, V.23, No.1.

- Hanlon, J., 1986, Beggar Your Neighbours, Apartheid Power in Southern Africa, London, J., Currey Publisher.

- Harris, N., 1971, Beliefs in Society. The Problem of Ideology, Great Britain: Pelican Books.

- Hayes, J.P., 1987, Economic Effects of Sanctions on Southern Africa, Thames Essay no.53, London Gower Trade Policy Research Centre.

- Hoile, D., 1988, Understanding Sanctions, London, Freedom Foundation.

- Holsti, K.J., 1988, 5th Edition. International Politics: A Framework for Analysis,, London, Prentice - Hall International Ltd.

- Holsti, O.R., 19922, Regional Associations: "Alliances" in Hawkesworth and Kogan (eds): Encyclopedia of Government and Politics, V.2, New York.

- Khan, H.A., 1989, The Political Economy of Sanctions against Apartheid, Boulder and London, Lynne Pienaar Publishers.

- Kodesa Inligtingspakket, Maart - April 1991 On-gepubliseerd.

- Lambert, R.D. and Curtis, J.E., 1979, Social Stratification and Canadians' Reactions to American Cultural Influenced: Theoretical Problems and Trend Analyses, International Journal of Comparative Sociology V 200, pp. 175-198.

- Laski, J., 1973, A Grammar of Politics , London: George Allen and Unwin.

- Lee, R. and Schlemmer, L., 1993, Transition to Democracy, Policy Perspectives 1991, Cape Town: Oxford Press.

- Lewis, S., 1990, Economics of Apartheid, New York: Coucil on Foreign Relations Press.

- Liebenberg, I., 1990, Ideologie in Konflik, Pretoria: Sigma Pers (Edms) Bpk.

- Louw, C., September 1987, "Die Suid-Afrikaans Pers oopgevlek", Die Suid-Afrikaan, Kaapstad, Geda Pers.

- Manning, D.J., 1980, The Form of Ideology, London: George Allen and Unwin.

- Manzo, K., McGowan, P., Van Wyk, K., Desember 1990, Noodsaaklike Vereistes vir 'n Onderhandelde Skikking in Suid-Afrika: Vrese en Verwagtinge van dié Afrikanerelite, Politikon, Vol.17, No.2, pp. 23-39.

- Maritz, C.J., 1980, Ontwikkeling binne Plurale Samelewings, Koers, V.45, no.2, pp. 158-180.

- Marks, S.E. and Trapido, S. (eds) 1987, The Politics of Race, Class, and Nationalism in Twentieth Century South Africa, Harlow: Longman.

- Matthews, J.K., 1982, "World War 1 and the Rise of African Nationalism: Nigerian Veterans as Catalysts of Change", The Journal of Modern African Studies, V.20, No.3.

- Mbeki, T. April 1991, South Africa's International Relations - Today and Tomorrow, South Africa International, no.21, part,4, pp.231-235.

- McGowan, 1990, The 1980's and Beyond: Continuity and Change in World Politics, International Affairs Bulletin Vol.14, no.2, pp.4-21.

- Meyns, P., 1991, The New World Order and Southern Africa in the 1990's. Paper prepared for the Conference on "Southern Africa into the 1990's and Beyond".- Johannesburg University of Duisburg, pp. 1 - 22.

- Mills, G. and Baynham, S., 1990, Changing the guard: South African Foreign Policy into the 1990's, Africa Insight V 20, no.3, pp.176-188.

- Mogoba, S., 1989, Sanctions and the Alternatives, J. Kane - Berman, Johannesburg, South African Institute of, Race Relations.

- Moodie, T.D., 1975, The Reise Afrikanerdom. Power, Apartheid and the Afrikaner Civil Religion. Berkeley: University of California Press.

- Murrary, H. (ed.), 1985, Disinvestment, A Leadership Publication, Cape Town, Creda Press.

- Murray, H. (ed.), 1988/89, Sanctions, A Leadership Publication, Cape Town, Argus Leadership Publications.

- Mutambirwa, J., 1989, South Africa, The Sanctions Mission, Report of the Eminent Church Person Group, London, Zed Books Ltd.

- Myall, J., 1990, Nationalism and international society, Cambridge: University Press.

- Nye, J.S.., (Jr), Spring 1992, What New World Order? Foreign Affairs, V.71, no.2, pp.83-96.

- Ohlson, T. 1989, The Cuito Cuanavale Syndrome: Revealing SADF Vulnerabilities. South African Review, no.5, pp.181-190.

- O'Meara, D., 1983, Volkskapitalisme: Class,Capital and Ideology in the Development of African Nationalism. 1934-1948, Johannesburg, Ravan Press.

- Orkin, M., (ed.), 1989, Sanctions against Apartheid Cape Town, Clyson Printers.

- O'Sullivan, N. (ed.), 1989, The Structure of Modern Ideology, Critical Perspectives on Social and Political Theory, Great Britain: Edward Elgar Publishing Limited.

- Plano, J.C. and Geeberg, M., 1979, The American Political Dictionary, New York: Holt, Rinehart and Winston.

- Pottinger, B., 1998, The Imperial Presidency: P.W. Botha, the first 10 years, Johannesburg, Southern Book Publishers.

- Porter, 1979, "International Trade and Investment Sanctions. Potential Impact on South African Economy", Journal of Conflict Resolution 23, pp.599-612.

- Ramphal, S., 1989, Changing Southern Africa. South Africa: The Sanctions Report. Prepared for the Commonwealth Committee of Ministers on Southern Africa, London, Penguin Books.

- Ramphal, S., 1989, Banking o Apartheid. The Financial Links Report. Prepared for the Commonwealth Committee of Foreign Ministers on Southern Africa. The Commonwealth Secretariat, London, Villiers Publications.

- Ries, A. en Dommisse, E., 1982, Broedertwis Kaapstad, Tafelberg-Uitgewers Bpk.

- Rosenau, J.N., 19900, Turbulence in World Politics: A Theory of Change and Continuity, Princeton: Princeton University Press.

- Schlemmer, L., 18 Julie 1993, "Verdrag tussen Partye essentieel", Rapport.

- Scholtz, G.J.L., 1974, Liberale Politiek en Sportboikotte, Koers, V 39, no.3, pp.152-178.

- Scruton, R., 1982, A Dictionary of Political Thought, London: Macmillan Press.

- Shaw, T.M. June 1982, Foreign Policy of Apartheid: From Settler Colonialism to State Capitalism and Neocolonial Corporatism. Journal of Modern Africa Studies, pp. 239- 261.

- Shepherd, G.W., (ed.), 1991, Effective Sanctions in South Africa. The Cutting Edge of Economic Intervention, New York, Greenwood Press.

- Shils, E., 1986, The Concept and Function of Ideology: A Reprint from the International Encyclopedia of the Social Sciences, New York: Crowell Collier and Macmillan.

- Smith, A.D., 1983, Theories of Nationalism, Great Britain: Unwin Brothers Ltd.

- Smith, A.D., 1983 (Oct.), "Ethnic Identity and Nationalism", History Today, V.33.

- Smith, M.E., 1982, "The Process of Sociocultural Continuity", Current Anthropology, V.23, no.2.

- Snyder, Louis, L., 1976, Varieties of Nationalism: A Comparative Study, USA: Dryden Press.

- The Sanctions Weapon. Summary of the Debate over Sanctions against South Africa. Prepared for the Black Caucus by the Africa Research Centre, 1989, Cape Town, Buchu Books.

- Thompson L, 1990, A History of South Africa, New Haven and London, Yale University Press.

- Thompson, L. and Wilson, 1971, Oxford History of South Africa, V.II, Great Britain: Oxford University Press.

- Thompson, S.M., 1961, The Nature of Philsopohy: An Introduction, New York: Holt, Rinehart and Winston.

- Tjonneland, E.N., 1988, "Class, Ethnicity and the Racially Exclusive State. Apartheid South Africa and the Politics of Continuity and Change". pp.85-94 in K. Rupeshinge (ed.): Ethnic Conflic and Human Rights, Oslo: Norwegian University Press.

- Tredgold, R., 1963, Ideas, Ideologies and Idolatries: The Fifth T.B. Davie Memorial Lecture, Cape Town: University of Cape Town.

- Vale, P., 1990, Starting over: Some early questions on a post-apartheid foreign policy. Paper prepared the Conference, "Zimbabwe's First Decade of Political Independence", Bellville: Centre for South African Studies, UWC.

- Vale, P.C.J., 1984, The Botha Doctrine: Pretoria's Response to the West and its Neighbours. South African Review Vol.2, pp.188-196.

- Vale, P.C.J., 1990, In search of Galileo: The Emerging World Order and Prospects for the Reconstruction in South Africa, International Affairs, Bulletin, Vol.14, no.2, pp.36-49.

- Vale, P.C.J., 1992, Sanctions: South Africa and the Region. South Africa's New Diplomacy. South African Review, no.6.

- Vand der Elst, J. (ed.), 1988, "Drama in Februarie", Woord en Daad, V. 27-28.

- Van Wyk, J.J., 1984, Elite Opinions on South African Foreign Policy, Johannesburg, RAU, Occasional Paper no.1.

-Van Wyk, K., en Geldenhuys, D., 1987, Die Groepsgebod in P.W. Botha se politieke oortuigings, Johannesburg, RAU.

- Van Wyk, J.J. en Kotze, H.J., 1980, Basiese Konsepte in die Politiek, New York: McGraw - Hill.

- Van Wyk, K., 1988, "State Elites and South Africa's International Isolation: A longitudinal comparison of perception", Politikon, V.15, No.1.

- Venter, D.J., 1989, South Africa, Sanctions and the Multinationals, West Sussex, Garden Publications Ltd.

- Van Diepen, M. (ed.), 1988, The National Question in South Africa, London, Zed Books.

- Ward, B., 1967, Nationalsim and Ideology, London: Hamish Hamilton Ltd.

- Weber, E., 1990, "Of Stereotypes and the French", Journal of Contemporary History, V.25.

- Wilson and Thompson, 1971, Oxford History of South Africa, Vii, Great Britain, Oxford University Press.

- Wright, S., 1986, Comprehensive Anti-Apartheid Sanctions Against South Africa: An Evaulation of Costs and Effectiveness, Africa Today, V.33, no.2-3, pp.5-24.

-Standard Bank, March 1992, Economic Review.

The Sanctions Weapon. A summary of the Debate over sanctions against South Africa. Prepared for the Black Caucus by the Africa Research Centre, 1989, Cape Town, Buchu Books.